# KALFIE 2025

## FEESGIDS / TOURIST GUIDE

1 - 10 AUGUSTUS 2025




AFRIKAANS AMPTELIK 100

## KLEINBAAI
LIFESTYLE ESTATE

Phase 1
60% SOLD

*The lifestyle you deserve*

- Exclusive access to medical care
- 2 & 3 bedrooms
- Luxury finishes
- Lifestyle centre
- State-of-the-art security
- Children's play area
- No Transfer Costs

**Now selling from R1 895 000**



**Linda Botha**
082 950 3222
linda@greeff.co.za

## DE ZANDT
LIFESTYLE ESTATE

Launching Soon



*Rare opportunity to share in the vibrant Hermanus property market.*

- No Transfer duty
- 66 m² - 145 m²
- State of the art security
- Lock-up garages
- Luxury finishes
- Indoor braai

Bernice de Wet | bernice@greeff.co.za | 083 233 8472

## FRAAIGELEGEN
ESTATE

100% SOLD

Brand new development in Vermont
From **R3 950 000** VAT Incl. No transfer duty



| Richard | Charmaine | Dewald | Jurika |
|---|---|---|---|
| 064 537 4127 | 064 531 5085 | 083 650 0512 | 084 577 7712 |

## *Chanteclaire*
RETIREMENT ESTATE

20% SOLD

**From R4 720 000**
VAT Incl. No transfer duties

- Luxury finishes
- Single-storey homes
- Security Estate
- 2 Beds, 2 Baths, 1 Study, 2 Garages



**Richard** 064 537 4127
**Charmaine** 064 531 5085
**Dewald** 083 650 0512
**Jurika** 084 577 7712

**GREEFF** | CHRISTIE'S INTERNATIONAL REAL ESTATE

*Where it counts*


MERCHANTS
PORTER & CRAFT®
OF DISTINCTION
PREMIUM
LEATHER
PRODUCTS
VILLAGE SQUARE
HERMANUS
SHOP 30, LOWER
VILLAGE SQUARE, MARINE DRIVE
HERMANUS, WESTERN CAPE

# INHOUD




**8** **VOORWOORD**
Die Kalfiefees vier 'n kwarteeu van uitnemendheid!





**10** **ONTSTAAN**
Die geboorte van die Kalfie en hoe die begindae gelyk het






**14** **IKONE**
Ons huldig 25 legendes van die Afrikaanse kunste vir 25 Kalfiejare





**24** **HOOFPROGRAM**
Maak doodseker jy loop nie een van dié produksies of uistallings mis nie





**32** **VERKEN**
Drentel deur die dorp en ontdek al die juwele langs die pad





**36** **MUSIEK**
Die klanke van die Kalfiefees bied vanjaar iets vir elke smaak





**44** **AFRIKAANS 100**
'n Eeu van Afrikaans as amptelike taal skakel mooi in met 'n kwarteeu van Kalfiefees





**46** **CREATION**
Experience a new food, wine, sights and sounds revolution






**48** **BOEKE**
Kuier saam met skrywers en neem deel aan stimulerende gesprekke

# INHOUD



53

## TEATER

Lag, raak kwaad, huil en word betower deur al die produksies wat te sien is



58

## SEELEWE

Die Afrika-pikkewyn se stryd teen oorlewing word in die kollig geplaas



61

## VIR DIE KINDERS

Liewe Heksie kom kuier en vermaak die jongspan met haar manewales




63

## WYNWÊRELD

Pinotage en die klank van Afrikaans span kragte saam met Bartho Eksteen



66

## KUNS

Drie kunstenaars, een uitstalling, vele kreatiewe wêrelde om ten toon te stel



68

## KABARET


Een debuutproduksie en talle groot name is op die verhoog te sien



70

## COMMUNITY WORK

Learn more about how Star Search Overstrand develops local youth through the arts



73

## HEALTH

Start a journey to wellness with Wholeness Haven – a retreat for your soul



80

## MAPS

Meander through the Overberg and see tourist attractions – from wine farms to whales



# Huldeblyk

## Anna Susannah Spaarwater

### 15 Maart 1941 – 6 Augustus 2024

Anna Susannah Bosman is op 15 Maart 1941 in Kaapstad gebore as die jongste van vyf kinders. Sy was altyd baie trots op haar herkoms en sou deur die jare gereeld daarna verwys. Haar oupa, professor FCL Bosman, se spore lê diep in die Afrikaanse toneelbedryf en hy was ook die eerste voltydse sekretaris van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Haar ma, Emma Senior, was van Joodse afkoms, gebore op die eiland Curaçao en verhuis later jare van Amsterdam na Suid-Afrika om te trou. Emma se pa, Edgar Senior, stig Senior & Co., wat tot vandag nog Curaçao-likeur op die eiland vervaardig.

Op vyfjarige ouderdom verhuis Anna en haar gesin na Pretoria. Sy was jare lank 'n bibliotekaresse en onderwyseres by die Laerskool Pretoria-Oos, mede-eienaar van die Listeners' Library, 'n liefdevolle eggenoot, toegewyde ma van vier, asook ouma van vier. Sy was ook 'n lojale vriendin, vurige Blou Bul-ondersteuner, en trotse oud-Affie. Haar onvoorwaardelike liefde en ondersteuning sal ons kinders altyd bybly.

Vir 18 jaar het sy met hart en siel op die Kalfiefees-komitee gedien en daarom is dit eintlik so gepas dat sy juis in hierdie tyd gegroet het. Haar onbaatsugtige toewyding tot die Kalfiefees laat 'n blywende indruk. Vir die laaste twee jaar was sy steeds daar om raad te gee en voorstelle te maak, want: " 'n Mens kan nie ondervinding koop nie!"

Ná 'n vertoning by verlede jaar se Kalfiefees en 'n glasie rooi, was sy moeg en het rustig in haar stoel gegroet. Net so, en net soos wat sy nog altyd dinge gedoen gekry het – sonder drama.

Sy was vir meer as 20 jaar 'n inwoner van Onrus-rivier, en een van haar grootste bederwe was altyd 'n onverwagse kreef of vissie op haar bord. En natuurlik enige kuier van enige kind of kleinkind. O, die vreugde! Haar voorbeeld as ma lê diep, en ek is so dankbaar. Só trots.


Saam met haar sagte alledaagse omgaan, diep liefde vir tale, die kunste, argitektuur, reis, fliek, die teaterwêreld, boeke wat sy verslind het en die pad vat na die KKNK, Woordfees, Suidoosterfees en Silwerskermfees, was sy ook goed ingelig oor wêreldgebeure en politiek, en was sy sommer net lekker geselskap. Oopkop, sonder oordeel. Jy kon haar inderwaarheid ook enigiets van Blou Bul-rugby, Sevens, krieket, tennis, swem, en al haar menigte sepies op die televisie vra. Die kanaal VIA was natuurlik 'n groot gunsteling.

Sy het dinge meestal nie te ernstig opgeneem nie en kon maklik vir haar eie lawwe grappies lag. En dan kon sy weer nie ophou lag nie. Sy was geliefd en versorg. Sy laat 'n groot leemte in soveel mense se lewe. Wat 'n voorreg om haar tot op 83-jarige ouderdom by ons te kon hê.

*Rus sag, Mammie*

Vir altyd jou dogtertjie,

Lisa Spaarwater


LET US HELP YOU LIVE THE
HERMANUS
DREAM
Prosper Through Property
Buy,
Sell or
Rent
Seeff
Success with every move.
CALL US TODAY
028 316 3171

# Veels geluk, Kalfiefees, met jou 25ste verjaardag!

Die Kalfiefees is 'n lewendige jaarlikse kunstefees wat in die skilderagtige Hermanus, aan die Wes-Kaap se Walviskus, plaasvind. Die fees stel Suid-Afrika se ryk kulturele erfenis en merkwaardige kunstalent ten toon.

Dit is vanjaar 'n mylpaaljaar, want van 1 tot 10 Augustus 2025 vier ons die fees se 25ste bestaansjaar. Oudergewoonte is die program weer propvol opwindende, uiteenlopende produksies en optredes. Kunstenaars van oor die land heen, sowel as plaaslike en aspirant-kunstenaars, tree op. Feesaktiwiteite sluit kunsuitstallings, optredes, werksessies en 'n reeks interaktiewe gespreksessies in. Feesgangers kan uitsien na eersteklas-produksies wat komedie, musiek en dans insluit, en daar is ook boekbekendstellings, kuns- en leefstylgeleenthede en kinderprogramme – dus iets vir elke ouderdom en smaak.

Elke jaar, gewoonlik tussen Julie en Desember, migreer Suidelike noorkapper-walvisse na die Suid-Afrikaanse waters om te kalf, nadat hulle die somer in die ysige Antarktiese waters deurgebring het. Die fees, wat in 2001 in die lewe geroep is, het juis die naam Kalfiefees aangeneem ter viering van hierdie majestueuse seediere se jaarlikse kalfseisoen.

Uit die staanspoor was ons visie om 'n inklusiewe kunstefees op die been te bring wat die Overstrand-gemeenskap verryk. Daarmee saam vier ons SA talent en stel dit ten toon, bevorder kreatiwiteit, en bied aan feesgangers en die plaaslike gemeenskappe 'n unieke kultuur-ervaring. Daarom is die fees 'n geregistreerde organisasie sonder winsbejag wat deur 'n toegewyde, hoogs bekwame direksie en bestuurspan bestuur word.

Die fees is ikonies, volhoubaar, goed gevestig en bied elke jaar iets nuuts. Dit verbind mense diep met hul kultuurerfenis en die kunste, bevorder 'n sterk gevoel van gemeenskap deur uiteenlopende groepe en belangstellings bymekaar te bring, bied 'n platform vir artistieke uitdrukking, en laat 'n blywende indruk op sowel die kunstenaars as feesgangers.

Oor die jare het die fees van krag tot krag gegaan en sy bydrae tot die kunste in die algemeen en Afrikaans in die besonder verhoog. Verlede jaar het die Kalfiefees byna drie keer soveel kaartjies verkoop as in 2023, en die getal optredes het van 36 tot 59 toegeneem.

Benewens gevestigde kunstenaars – wat vanjaar groot name soos Pieter-Dirk Uys, Sandra Prinsloo, Marion Holm, Nataniël, Amanda Strydom, Antoinette Kellermann en Frank Opperman insluit – werk ons ook hard aan die ontwikkeling en ondersteuning van plaaslike talent. Ons skep 'n ruimte vir jong kunstenaars en akteurs om hul vaardighede te ontwikkel, en bied ook 'n ruimte vir plaaslike leerlinge en die jeug om in professionele produksies op te tree. Verder maak ons ook 'n beduidende bydra tot plaaslike ontwikkelingsprojekte deur van ons wins terug te ploeg in die ondersteuning van uitgesoekte projekte.

Die Kalfiefees is ook jaarliks 'n inspuiting vir die plaaslike ekonomie omdat dit toeriste en kunsgeesdriftiges van heinde en verre lok. Benewens 'n platform vir plaaslike kunstenaars en werkgeleenthede vir ondersteuningspersoneel, kry die gasvryheidsbedryf hier ook danksy die fees jaarliks 'n stewige hupstoot. Skole, jong mense en kunstenaars in die omgewing vind boonop baat by die fees, en verskeie plaaslike projekte word ondersteun, insluitend Star Search, Story Team, die Catapult-stigting, Creative Space en Artists@THE QUAY.

Die Kalfiefees moedig ook werklose plaaslike jeug aan om as fees-interns te dien. Hulle help met advertensie- en kaartjieverkope, doen meningspeilings en tree as plekaanwysers, wynskinkers en kelners op.

Nie net bied dit aan dié jong mense 'n inkomste nie, hulle ontwikkel ook belangrike vaardighede en ontvang getuigskrifte en bywoningsertifikate om by hul CV's te voeg.

Hoewel produksies met veral bekende kunstenaars altyd vol sale lok, word kaartjies wat nie aan feesgangers verkoop word nie teen lae of geen koste aan inwoners beskikbaar gestel. Dit bied aan hulle die geleentheid om deel te wees van 'n inspirerende, ryk ervaring.

Die Kalfiefees lok prominente kunstenaars en vanjaar sal geen uitsondering wees nie, van legendariese ikone tot die beste van Suid-Afrika se opkomende nuwe sterre. Baie dankie aan elke vrywilliger, borg, donateur, kunstenaar en feesganger wat die 25ste Kalfiefees help moontlik maak. Ons sien uit na nog 'n heuglike fees.

Kalfiefees-groete

*Hester*

Hester Finberg
Feesdirekteur












## Bestuurspan

**Hester Finberg**




Feesdirekteur

**Elnora Gillian**



Gemeenskap-betrokkenheid en -ontwikkelling

**Lisa Spaarwater**




Produksie-bestuurder

**Debbie van Vuren**



Leefstylbestuurder

**Lindi Smit**




Skakelbeampte

**Tosca Korver**



Fondsinsameling

**Nadine Petrick**




Boekekuier/ Feestydskrif

**Geraldene Erasmus**




Logistiek

**Amanda Marais**




Admin

**Charlene McKenzie**



Tixsa

**Aloma Jonker**



Strategie-konsultant

**Nicolette Johnson**



Beskermvrou

## Feestydskrif

**Redakteur:** Tasneem van Rooyen
**Bemarker:** Solanie Blom
**Ontwerpers:** Perumal Braaf & Rakin Baatjies
**Teksversorgers:** Elizabeth de Villiers & Mari Zeelie

# Hoe die Kalfie gebore is

## Dr. Niel le Roux vertel van die begindae van hierdie kunstefees, wat vanjaar sy kwarteeu vier.

In 2000 maak ek 'n gastehuis oop in Vermont en oor die aard van my studies en betrokkenheid by teater vra ek Cas van Rensburg, wat toe reeds in Vermont woon, om saam met my 'n vergadering van die Walvisfees by te woon. Ons wou 'n versoek rig om 'n Afrikaanse randfees saam met die Walvisfees in te stel, maar die komitee was glad nie daarvoor te vinde nie.

Ons besluit toe net daar om in Augustusmaand op ons eie 'n afsonderlike fesie in Afrikaans te hou in die De Wetsaal op Onrusrivier, en doop dit die Kalfiefees oor die klein omvang daarvan en verwysend na die tyd van die jaar wanneer die walvisse Walkerbaai toe kom om te kalf. (Daar was selfs die eerste jaar 'n walvisverwelkomings-optog in die hoofstraat.)

Ek en Cas besoek Jean le Roux, destyds redakteur van die *Hermanus Times*, om al die bemarking te doen. In ruil sou ons die koerant se naam aan die fees koppel.

Ons stap uit die ANC-burgemeester se kantoor sonder enige ondersteuning en gaan klop aan by die DA-raadslede me. Guthrie-Theron en dr. Annelie Rabie. Hulle stem in om ons finansieel te ondersteun om Onrusrivier se twee groot geeste, Jan Rabie en Marjorie Wallace, in 'n toneelstuk (wat *Jan en Jorie* sou word) te vereer. Dit is eindelik met baie groot sukses aangebied, ook op ander feeste.

Teatervriende soos onder andere Lizz Meiring, Emile Minnie en 'n fopdosgroep word nader gehark om op te tree, en selfs kennisse wat teatertegnici is, word ingespan vir die beligting en klank.

Ons nooi eregaste soos die destydse Wes-Kaapse premier Cecil Herandien en Ton Vosloo van Naspers, betrek Northlink Kollege (toe Tygerberg Kollege) se dramastudente as kaartjieverkopers en voorportaalpersoneel, nader gastehuise om 'n kamer gratis aan 'n kunstenaar beskikbaar te stel, skep 'n satellietteater in Hawston met die seën van die gemeenskap en eerwaarde Arrison, rig 'n tent met stalletjies in, open met 'n dans in die Sandbaaisaal – en siedaar, 'n fees in die kleine is gebore.

Hierdie kalfie het egter gegroei tot 'n walvis en hou nou kers vas by enige ander fees in die land, dwing respek af en trek groot name soos Sandra Prinsloo en Amanda Strydom.

Die skep van die Kalfiefees en die bestuur daarvan vir sowat vyf jaar tel beslis onder die hoogtepunte van my lewe.



Foto: VERSKAF

Foto's: David Wilson


## Van toeka tot nou

Die res is geskiedenis. Die munisipaliteit het vir jare daarna die Kalfiefees gereeld ondersteun, sê **Nicolette Johnson (née Botha-Guthrie)**, die fees se beskermvrou. Daar het 'n baie noue kontak ontstaan tussen die Overstrand-munisipaliteit en die Kalfiefees-bestuurskomitee, soos dit vandag bekend staan.

Die De Wetsaal het 'n groot rol gespeel en is steeds 'n belangrike element in die Kalfiefees se bestaansreg. Die saal se geskiedenis kan herlei word na die vroeë 1930's, toe daar 'n behoefte aan 'n saal vir kerkdienste en ander sosiale byeenkomste ontstaan het.

Soos die meeste mense weet, het ons die eerste produksie geborg om geleenthede te skep om ons plaaslike talent te ontwikkel en aan die wyer wêreld bekend te stel.

Ek het altyd gewonder wat maak 'n fees 'n sukses, en die antwoord bring my altyd terug na die sleutelrol wat die gemeenskap speel. Dit is ook 'n riem onder die hart om te sien hoe die verskillende gemeenskappe van Hermanus die fees aangryp en deel van hulle maak.



# Neil Sandilands

## – die “burgemeester” van Onrus praat met Nadine Petrick

Neil Sandilands woon in die Presidensie. Dis nou as jy hom vra waar in die Overstrand hy homself bevind. Tong-in-die-kies, natuurlik. Maar, soos vele groot geeste in die SA kultuurlandskap wat hulself in die omgewing gevestig het, is dié veelsydige kunstenaar 'n aktiewe lid van die Onrusgemeenskap. Jy gewaar hom en sy kenmerkende grys baard gereeld iewers in die dorp. Dóénig, want stilsit is nie in sy aard nie. Nie-amptelike burgemeester, spot hy laggend. 'n Welverdiende ontvanger van dié jaar se Kalfiefeesgedenkteël, dus. (Vorige ontvangers sluit in Pieter Fourie, Petrovna Metelerkamp, Wilna Snyman, Valiant Swart en Niel le Roux.)

Neil is uiteraard meer bekend as akteur, en die laaste klompie jare ook as bedrewe musikant en liedjieskrywer. Vir baie mense sal hy immer die goedige Bart van *7de Laan* bly, vir sommige is hy uitgeknip The Thinker van *Flash*, en vir Netflixkykers was sy Emmy-benoemde rol as die skurk General Abbot in *Sweet Tooth* weer die uitskieter. 'n Wyle gelede het sy trajek ietwat verander en met die kykNET-reeks *Die Groot Niks* het hy homself ook as bedrewe aanbieder gevestig.

Vir die wat nié weet nie – hy het lank sy heil in Los Angeles gesoek, en gevind, én vir homself behoorlik 'n naam gemaak in 'n haas ondeurdringbare bedryf. Hy pendel steeds elke dan en wan oor die water om in internasionale produksies 'n rol te gaan vertolk, en wanneer hy homself tuis bevind, is daar etlike projekte, soos musiekmaak, wat hom aan die gang hou.

Drie albums in vier jaar sit nie in enige kunstenaar se broek nie, en 'n Sama-benoeming vir *Sangoma Sandilands & jou pa se posse – Maanskyn* was maar net nóg 'n pluimpie in sy hoed. Saam met befaamde musikante Schalk Joubert, Gian Groen en Abel Kraamsaal maak hy ook musiek as 'n lid van 'n splinternuwe projek, Die Vyftigers, wat by 2025 se Kalfiefees hul debuutvertoning lewer.

### Neil in sy eie woorde:
### Ek woon in Onrus. Dis vir my lekker om dit te kan sê.

Hoe dit gekom het, is ek nie heeltemal seker nie. Ek onthou 'n spesifieke oggend in Oktober 2022. Pas terug uit Australië ná die verfilming van *Kingdom of the Planet of the Apes*. Ek het op my stoepie gesit en die wêreld gekoffiekyk. Die jan frederiks, die laksman, die suikerbekkie tussen lowergroen skakerings van koraalboom, melkhout en die pragtige boomvaring reg voor my. Ek kon die see hoor en ruik. Ek het al so 47 omwentelinge beleef en dit was 'n 4x4-avontuur wat ek met 'n ligte 1400 aangepak het. Daar was meer as 'n paar hittete oomblikke: vasgeval in 'n soutpan, pap wiele, en eenkeer het die *manifold*-sensor sy gat gesien. Nou sit ek hier. Terugskouend was dit 'n Faustiaanse oomblik. Ek het die gevoel gekry dat ek daarvan hou om so op my stoepie te sit en dat ek nie eintlik nou wil skuif nie.

Dis seker maar hoe dit begin het, as 'n mens Mefisto se onderduimse voorwaardes miskyk. Dan natuurlik ook die naam: Onrus. Dit is *contradictio in terminis*. Tyd sal leer of ek hier kom rustig raak het, maar vir nou, sing my hart. Ek kan seisoengange beleef, my tuin groei. Ek ken ál meer gesigte en groet of wuif as ek vir Reinhardt by die hardewarewinkel, of Phillip by Riposo-restaurant, terloops of doelbewus sien.

As huiseienaar boer ek by die hardewarewinkel. Die *chicken liver* peri-peri by Molteno's is herdoop na Fettuccine à la Sandilands. Gordon Wilson, die eienaar, gaan hoeka kom spitbraai op my verjaardag. Selmarie en André, die bure, se dogtertjie Ella is nou al amper ses maande oud!


My naam is op die swartbord by Davies' Pool se koffiekroegie en Sibongile gee vir my en Nakadienschk, my oggendswem-kameraad, ons eie koffiekoppies – nie die *take-away*-kartonkoppies nie. Wors word gekoop by die De Wetsaal-markie, brood by BROOD. Ek het die behoefte om 'n goeie buurman te wees en die gevoel stem my goed.

My wens, nog altyd, is gesonde groei. Verbreding en verdieping. Ek kon die planeet deurkruis en omsingel van Prins Rupert in die noorde, op die Kanadese grens by Alaska, tot by Bluff op die suidpunt van Nieu-Seeland. Kauai in die middel van die Stille Oseaan en Namibië se Groot Niks. Kom ons beskou dit as verbreding. Geografiese reikwydte. Ek kon nie verder van oorsprong af reis, al wou ek, tensy ek maan of Mars toe toer nie. Daar's seker dié wat sou skerts ek leef *anyway* op Mars, maar dit daar gelaat. Verdieping gebeur nou. Dit is soos Wim Wenders dit in *The Logic of Images* beskryf: "That's how it begins, making a film, writing a book, painting a picture, composing a tune, generally creating something. You have a wish. You wish that something might exist, and then you work on it until it does."

Ou Wim was bekend daarvoor dat hy die kamera net laat rol het, partykeer op 'n wye skoot. Die onkundige kyker verloor soms belangstelling, maar Wim hou die raam. 'n Mens kyk wéér, en skielik kry jy 'n vars blik. Jy begin die detail raaksien. Soos toe ek in Yucca Valley, in die Morongo-streek in Kalifornië, ook op 'n stoep gesit het. Dis semiwoestyn. Droog. Warm. Ongemaklik. Maar ek bly kyk na die vista voor my. Dáár kom die *roadrunner*- voëltjie. 'n Haas en 'n konyn. Ek begin selfs die verskuiwing in barometriese druk voel – wat beteken die skroeiende middagwinde gaan die pragoggend onthuts. Jou wrintiewaar! Laatmiddag sien ek die sewe *coyotes*, voor hulle my sien. Miskien was dit 'n minuut, maar dit het soos 'n ewigheid gevoel. In daai oomblik het ek "Going to California" gesing en dit was nie huis nie.

Hier op my Onrusstoepie kom maak die kaalwangvalk 'n draai. Hoogsomer kom die padda opsit met sy nooi. Die rysmiere broei wonderbaarlik uit in Maart, ná die eerste reëns wat die koms van herfs verkondig. Ek maak die twee-jaar-oue moerbeiboom vas, want ek't ervaring van die noordwestewind se humeur. 'n Mens kweek 'n nuwe woordeskat. Jy bly lank genoeg om afsterwe te leer ken. Die lief en die leed. Verdieping. Immanuel Kant het sy lewe lank in Königsberg vertoef en geglo filosofiese begrip sonder epiese reise is moontlik. Die fundamentele beginsels van rede en moraliteit is universeel en jy kan dit sommer hier, in Onrus, nastreef.

Ek voel tuis hier. Ek het my 50ste verjaarsdag hier gevier. Wyn in 'n glas, nie *take-away* kartonkoppies nie.






1 ATLANTIC RD, ONRUS, HERMANUS | +27 28 316 1516 | @MILK_ONTHEBEACH




MARKET STR, HERMANUS WATERFRONT | +27 28 312 1986 | @CHARDHERMANUS




MARINE DR, HERMANUS WATERFRONT | +27 28 313 1224 | @PEARTREEHERMANUS

# Through the Looking Glass











A curated exhibition by Watermark Photographic Studios in collaboration with the Hermies Camera Club from Hermanus High School, Showcasing

The WATERMARK PHOTO STUDIO

### "Life and Work in Hermanus"

HIGH SCHOOL
HORAS SIGNO TEMPUS FUGIT
1941

These photographic images seek to represent just some examples of what Hermanus can offer.

## Daily, 10am to 4pm 1st to 8th August 2025 at the N G Kerk, Church Street, Hermanus

**Die Kalfiefees vier sy 25ste bestaansjaar met die huldiging van 25 ikone in die Afrikaanse kunste wat elk 'n verbintenis met die streek het.**




## Breyten Breytenbach

Breyten Breytenbach een van ons bekendste skrywers, digters en kunstenaars, asook 'n aktivis en politieke gevangene. Hy is in 1939 in Bonnievale gebore en is deur sy lewe diep beïnvloed deur die politiek. Hy word 'n prominente figuur in die stryd teen apartheid, en gebruik sy skryfwerk om die regime te kritiseer.

Een van sy bekendste werke is *The True Confessions of an Albino Terrorist*, wat sy ervarings tydens sy gevangenisstraf vir sy aktivisme beskryf, maar dit is vir sy digkuns waarvoor hy die grootste bekendheid verwerf. Sy werk is bekend vir sy ryk taalgebruik, filosofiese diepte en dapper verkenning van identiteit, ballingskap en menslike lyding.

Breytenbach was ook 'n begaafde visuele kunstenaar wie se werk internasionaal vertoon is. Sy lewe en loopbaan beliggaam veerkragtigheid en die mag van kuns in die stryd teen politieke onreg. Sy afsterwe in 2024 laat 'n geweldige leemte in die kultuurlandskap van SA.





## Katinka Heyns

Katinka Heyns is 'n bekroonde Suid-Afrikaanse regisseur, aktrise en draaiboekskrywer, en 'n invloedryke figuur in die plaaslike rolprentbedryf. Sy is veral bekend vir haar werk in die Afrikaanse bedryf en haar betrokkenheid by die ontwikkeling van SA film en televisie in die 1980's en 1990's.

Heyns was die regisseur van verskeie geliefde TV-programme en films, waaronder die bekroonde reeks *Feast of the Uninvited* en flieks soos *Paljas*, *Die wonderwerker* en *Die storie van Klara Viljee*. Haar werk word gekenmerk deur die gebruik van emosionele narratiewe en die ondersoek na komplekse menslike ervarings.

In haar loopbaan het Heyns nie net die rol van regisseur vervul nie, maar het ook 'n pionier in die Afrikaanse rolprentbedryf geword en 'n belangrike rol in die bevordering van Afrikaanse kultuur en kuns gespeel. Haar lewenslange bydrae tot die kunste het aan haar talle toekennings en lof vir haar innovasie en talent besorg.




## Chris Barnard

Nog een van die oorspronklike Sestigers wat 'n sterk band met Onrusrivier gehad het, was Katinka Heyns se ontslape eggenoot Chris Barnard. Hy was ook 'n medestigter van die Afrikaanse Skrywersgilde.

Barnard was van kleins af geïnteresseerd in die geskrewe woord en op hoërskool wen hy die jeugtydskrif *Patrys* se digkunskompetisie. Hierdie prys was die begin van 'n roemryke skryfloopbaan, want hy het sedert daardie oomblik nooit ophou skryf nie. Sy debuutboek, *Bekende onrus*, verskyn in 1961 en hy verower daarmee die CNA-prys, die eerste van vele toekennings. Benewens dramas, romans, jeugverhale en rubrieke, was Barnard 'n uitstekende draaiboekskrywer, vir die groot- én kleinskerm. Hy en sy tweede vrou, Katinka Heyns, was 'n gedugte span wat vir vele jare merkwaardige rolprente soos *Fiela se kind*, *Die storie van Klara Viljee*, *Paljas* en *Die wonderwerker* onder die vaandel van Sonneblom Films geskep het.

Chris is in 2015 aan 'n hartaanval oorlede.




## Marius Weyers

Marius Weyers, wat vroeër vanjaar 80 jaar oud geword het, word steeds as een van SA se mees geliefde en bedrewe akteurs beskou. Dit is waarskynlik sy rol in die fliek *The Gods Must Be Crazy* wat hom tot ikoonstatus verhef het, en sy vertolking van PG du Plessis se Jakes in die rolprent én teaterstuk *Siener in die suburbs* was insgelyks legendaries.

Hy het plaaslik etlike toekennings vir teater, film en televisie ontvang, en hy het ook internasionaal naam gemaak – wie sal sy verskyning in *Golden Girls* vergeet?

Die akteur en regisseur Chris Vorster, wat Weyers se biografie geskryf het, sê al die navorsing en onderhoude wat hy gedoen het, het een ding uitgelig: niemand in die bedryf werk so hard soos Marius nie.

Weyers en sy ontslape vrou, die beeldhouer Evette, se sonderlinge verhouding het gereeld die verbeelding aangegryp en hy het haar tot haar afsterwe in 2023 by hul huis in Rooiels versorg.





## Evette Weyers

Evette Weyers, Marius Weyers se ontslape eggenote, was 'n kunstenaar en aktrise wat tot haar afsterwe in 2023 saam met Marius in Rooiels gewoon het.

Haar liefde vir die geskrewe woord het neerslag gevind in haar vertalings van *The Trojan Horse* en *Equus*. Sy was 'n veelsydige kunstenaar, veral bekend vir haar keramiek- en beeldhouwerk.

Die kunskenner Amanda Botha het Evette as volg in 'n artikel op Netwerk24 opgesom: "Met 'n betowerende mengsel van intellek en intuïsie het sy as kunstenaar en beeldhouer grense verskuif. Haar verwysingswêreld het die letterkunde, die kunste, die teater, sielkunde en die filosofie omsluit, en met haar gemaklike omgang en insig was sy 'n baie besondere gespreksgenoot.

"Sy het oor die vermoë beskik om ontvanklik te wees en ruim van haarself te gee. Maar wat ek by uitstek van haar onthou, is hoe lekker sy kan lag en wat 'n oneindige plesier dit was om in haar geselskap te wees. Sy, Evette, of soos meestal na haar verwys is as 'Marius se vrou', was in somtotaal eenmalig."




## Jan Rabie

Jan Sebastian Rabie was een van die lede van die Sestigers, 'n groep invloedryke Afrikaanse skrywers en digters wie se werk in die 1960's 'n literêre weerstand teen SA se apartheidsregering versinnebeeld het.

Sy loopbaan begin as digter, en nagenoeg 100 van sy gedigte verskyn in tydskrifte. Hy vestig homself later egter meer as skrywer van prosa – reisverhale, wetenskapfiksie, versamelbundels, romans en selfs twee uitsonderlike jeugverhale.

Sy boek *Ons, die afgod* is die eerste Afrikaanse roman wat sterk standpunt inneem teen die apartheidsbeleid.

Hy en die Skotse kunstenaar Marjorie Wallace het in 1948 in Parys ontmoet, waar hulle jare lank woonagtig was. Sowat 10 jaar later trek hulle SA toe en ná vele omwentelinge vestig hulle hulself in 1970 in Onrus waar hulle gewoon het tot albei se afsterwe. Hul huis was, soos met hul verblyf in Parys, 'n veilige hawe vir bekende besoekers soos André P. Brink, Etienne Leroux en Breyten Breytenbach.





## Marjorie Wallace

Marjorie Wallace, 'n Skots-gebore kunstenaar en illustreerder, was die eggenoot van Jan Rabie, en dié egpaar was waarskynlik van Onrus se bekendste inwoners.

Wallace het in Edinburgh kuns studeer en was die jongste persoon ooit om verkies te word tot die Koninklike Skotse Kunsakademie. As ontvanger van die Andrew Grant-reisbeurs kon sy na Europa reis, waar sy uiteindelik vir Rabie in Parys ontmoet het.

Sy was baie bekend vir haar portretskilderye, en as deel van die Sestigers was dié groep skrywers en digters betreklik gereeld die onderwerp van haar kunswerke. Die portrette was merendeels intieme huishoudelike oomblikke.

Wallace was uiteraard polities ingestel en die invloed van apartheid, onteiening en marginalisering was onderwerpe wat gereeld in haar kuns neerslag gevind het. Sy het ook graag mentorskap aan swart en bruin kunstenaars gegee, onder wie Gladys Mgudlandlu. Wallace is in 2005, in die ouderdom van 80, oorlede.





## Uys Krige

Nog 'n befaamde inwoner van Onrus, Uys Krige (oftewel die Goue Seun, soos JC Kannemeyer hom gedoop het), was een van ons land se veelsydigste en flambojantste letterkundiges – digter, dramaturg, en vertaler. Hy was ook 'n joernalis en oorlogskorrespondent. Hy begin op 13-jarige ouderdom reeds in Afrikaans en Engels te skryf, en wen sy eerste letterkundige prys met 'n Engelse stuk in die kinderafdeling van *The Cape Argus*.

Hy lewer sonderlinge werke in die poësie, prosa en drama en sy reisverhale word as van die belangrikste tekste van die Dertigers beskou. Hy word ook beskou as dié persoon wat die Latyns-Romaanse letterkunde vir Afrikaanses toeganklik gemaak het.

Uys het nooit gehuiwer om politieke uitsprake te maak nie. In sy jonger jare het hy heftig uitgevaar teen die gedwonge uitsetting van mense uit Distrik Ses, en later jare was hy een van die skrywers wat Athol Fugard se saak bepleit het toe dié 'n paspoort geweier is. Krige is op 10 Augustus 1987 in sy huis, Swartdakkies, op Onrus aan maagkanker oorlede.




## Gregoire Boonzaier

Gregoire Boonzaier, gebore in Kaapstad in 1909, was veral bekend vir sy uitbeelding van Distrik Ses, die Bo-Kaap, plattelandse en kusnedersettings, asook stillewes en botanie.

Hy was in 1938 saam met Walter Battiss, Lippy Lipshitz, Freida Lock en Terence McCaw 'n stigterslid van The New Group. Hierdie groep was vir byna 15 jaar lank 'n forum en spreekbuis van jong SA kunstenaars. Hulle het uitstallings landwyd gehou, veral in landelike gebiede. Boonzaier het geglo kuns moet toeganklik vir die publiek wees en het oor die land heen lesings gegee.

Hy was 'n produktiewe skilder wat daarin geslaag het om homself en sy gesin met net sy kuns te onderhou – iets waarop hy altyd baie trots was.

Sy hoogs eiesoortige styl is as 'n eksponent van Kaapse impressionisme geklassifiseer. Sy goeie vriend Uys Krige het hom aan Onrusrivier bekendgestel en hy het jare lank daar gewoon voor hy in die ouderdom van 95 oorlede is.




## Ingrid Jonker

Ingrid Jonker was seer sekerlik een van die mees invloedryke Afrikaanse digters van haar tyd. Haar gedigte is dikwels gekenmerk deur hul intense emosie en haar passie vir sosiale geregtigheid.

As Sestiger was sy gereeld aan huis van Jan (Rabie) en Jorie (Wallace) in Onrus. Jonker is steeds, etlike jare ná haar selfdood, net so bekend vir haar wispelturige en vurige liefdesverhoudings met onder andere Jack Cope en André P Brink. Hierdie liefdesverhoudings, en ook onder meer haar berugte onstuimige verhouding met haar pa, Abraham Jonker, het haar gemoedstoestand stadig maar seker afgetakel. In die laaste maande van haar lewe het etlike vriende, waaronder Jack en Jan en Marjorie, haar verskeie kere van selfdood gered.

'n Monumentale oomblik in die SA politieke geskiedenis is te danke aan Jonker. In sy openingsrede van die nuwe parlement as SA se eerste demokraties verkose president lees Nelson Mandela Ingrid se gedig "Die kind" voor. Dit was 'n oomblik wat haar, bykans 30 jaar ná haar dood, van nuuts af tot ikoon verhef het.




## Etienne Leroux

Etienne Leroux, of Stephen soos hy vir sy vriende bekendgestaan het, was een van die mees prominente Sestigers, en sy immerteenwoordige sonbril en drie pakkies sigarette het bygedra tot sy status as ikoon. Die Sestigers-beweging, maar veral Leroux se werk, was uiters omstrede, en toe *Sewe dae by die Silbersteins* in 1964 met die Hertzogprys bekroon is, het verskeie sedebewakers die boek as immoreel bestempel.

Ook *Magersfontein, o Magersfontein!* staan sentraal tot polemiek, en word deur die sensuurraad verbied. Dié verbod was 'n geweldige slag en hy het eenmaal gesê dit het hom byna tot totale stilswye gedwing het. Tog wen hy daarvoor ook die Hertzogprys.

Stephen het tot sy dood in 1989 geboer op sy plaas, Ja-Nee, en snags geskryf. Hy het dit vermoeiend gevind om te skryf, en hy gemiddeld twee jaar aan 'n boek gewerk. Met sy afsterwe het Jan Rabie gesê: "Elke jaar kon ons in Desember op Onrus bymekaar wees en nou moet die blikskottel van 'n Stephen by die Nuwejaar staan en weggaan; iemand vir wie ons almal so lief was."




## Pieter Cilliers

Pieter Cilliers word onomwonde beskou as een van die grootste televisievervaardigers en -regisseurs in Afrikaans, en het etlike bekroonde produksies op sy kerfstok. Hy begin sy loopbaan as predikant vir die Nederduits Hervormde Kerk, maar 'n belangstelling in kommunikasiekunde lok hom kleinskerm toe.

Ná vele jare as filmmaker van die SAUK se godsdiensafdeling, verskuif sy fokus na nuus- en aktualiteitsprogramme soos *Uit en tuis* en *Carte Blanche*. Hy stig later sy eie maatskappy, Pieter Cilliers Produksies, wat programme soos *Kunskafee*, *Pasella*, *Première* en *Signature* vervaardig. Die program waarvoor hy egter waarskynlik altyd onthou sal word, is kykNET se vlagskipprogram, *Kwêla*, met die ikoniese volstruisleer rusbank.

Cilliers publiseer in 1997 die baanbrekersboek *'n Kas is vir klere*, wat handel oor sy eie lewe en worstelinge as gay predikant en die beproewinge wat daarmee gepaardgaan. Die boek, wat vele kere herdruk word, word later bygewerk en verskyn as *Soeker*, saam met sy Engelse eweknie, *Pilgrim*.




## Philip de Vos

Philip de Vos is die meester van die Afrikaanse limeriek en natuurlik 'n veelbekroonde skrywer van Afrikaanse en Engelse gedigte en kinder- en jeugverhale. Dié oudonderwyser was ook 'n operasanger en is steeds 'n ywerige fotograaf wat al etlike toekennings ontvang het. Hy spesialiseer veral in portretstudies van bekendes en 130 van dié foto's verskyn in die versameling *Milieu*, wat in 2006 deur Protea Boekhuis uitgegee is.

De Vos se fyn humor en waarnemingsvermoë slaan egter die beste deur in sy limerieke en rympies in publikasies soos *Die Worcester Asporcester en ander lustige limerieke*, *Moenie 'n mielie kielie nie*, *Vincent van Gogga* en die nuwe boek, *Die tantes van Atlantis*. Sy samewerking met die kunstenaar Piet Grobler, het ook tot vele publikasies gelei. In die laat 90's het 20 plaaslike komponiste van sy gedigte getoonset en hierdie liedjies is by meer as 300 skole, universiteite en plaaslike kunstefeeste uitgevoer.

De Vos was deur die jare al die ontvanger van onder meer die Eugène Marais-, Alba Bouwer-, M.E.R- en verskeie ATKV-pryse. Op 85 woeker hy steeds met sy verskeie talente.





## Kerneels Breytenbach

Die skrywer, joernalis, en uitgewer Kerneels Breytenbach is beslis 'n man van vele woorde. Hy werk vir meer as 10 jaar by *Beeld* in Johannesburg as joernalis en later word hy die kunsredakteur van *Die Burger* in Kaapstad, waar hy veral sy tande slyp as resensent, toneelkritikus en rubriekskrywer. Sy popmusiekrubriek in *Huisgenoot* verskyn onder die naam Cornelis Bach en baie jare later word hy ook ontmasker as die berugte Crito, wat boekresensies vir LitNet resenseer.

Van sy kos- en musiekrubrieke verskyn ook in onder meer die tydskrifte *De Kat* en *Insig*. In 1989 word hy 'n uitgewer by Human & Rousseau en in 1994 volg hy vir Koos Human op as hoofbestuurder daar. Later word hy die publikasiebestuurder van NB-Uitgewers.

Aan die einde van Maart 2009 tree hy af met die doel om meer tyd aan sy eie kreatiewe skryfwerk te wy en vryskutwerk soos resensies en boekkeuring te doen. Hy is self die skrywer van vele romans, kortverhale en romanverwerkings, en ook die samesteller van verskeie boeke. Hy woon al etlike jare in die Overstrand.




## Pierre van Pletzen

Pierre van Pletzen sal tot in lengte van dae onthou word vir sy ikoniese rol as Oubaas, oftewel Septimus van Zyl, in die sepie *7de Laan*. Hy het die rol vir 17 jaar lank vertolk en was vir etlike jare ook 'n regisseur op dieselfde program.

Maar voor hy die sepiewêreld betree het, was hy deel van verskeie streeksrade, waaronder die artistieke direkteur van Sukovs. Hy het ook drama doseer by die Pretoria Technikon.

Dit is egter as akteur wat hy bekendheid verwerf het, en televisiereekse soos *Orkney snork nie!*, *Tuiskoms* en *Die boekklub*, asook flieks soos *The Gods Must Be Crazy*, *Hans steek die Rubicon oor* en *Panic Mechanic* het hom 'n huishoudelike naam gemaak.

Hy is die eggenoot van die aktrise Sandra Vaughn, en pa van die ewe kreatiewe en talentvolle aktrise Zetske en musikant en vervaardiger Peach van Pletzen. Hy en Sandra woon in Kleinmond.




## Anton Goosen

Anton Goosen is 'n liedjieskrywer en ikoon in die Afrikaanse musiekwêreld – volgens oorlewering het hy meer suksesvolle treffers agter sy naam as enige ander SA sanger. Sy loopbaan het aan hom 'n prominente plek in die Afrikaanse musiekbedryf besorg, en hy is veral bekend vir sy treffers wat steeds die Afrikaanse musieklandskap beïnvloed. Hy word nie verniet as die vader van Afrikaanse rockmusiek bestempel nie, en die immergroen lied, "Blommetjie-gedenk-aan-my" word as die eerste volwaardige Afrikaanse rockliedjie beskou.

Goosen se musiek weerspieël dikwels die realiteite van die SA samelewing, en sy unieke styl het hom nie net as 'n musikant nie, maar ook as 'n kulturele ikoon in die Afrikaanse gemeenskap gevestig.

Goosen se bydrae tot SA se musieklandskap strek wyd: hy het vele jong musikante na sterstatus begelei; etlike toptreffers vir ander sangers geskryf; en self dekades lank die land met sy uitsonderlike klank platgetoer.




## Petrovna Metelerkamp

Petrovna Metelerkamp sal allerweë onthou word vir haar werke oor die ontslape digter Ingrid Jonker.

Metelerkamp is self 'n bedrewe skrywer, uitgewer, radio-aanbieder en joernalis, en sy het vir vele jaar haar skrywerstande by *Huisgenoot* en *Insig* geslyp.

In 2000 stig sy die uitgewery Hemel & See Boeke in Vermont en sedertdien het hulle die een ná die ander trefferboek uitgegee, waaronder Annette Human se *Nuwe, beter kortpadkos*, Elise Bishop se *Twee lewens*, en *Jeanne Goosen – 'n Lewe vol sinne*.

Petrovna se seminale werke oor Jonker begin in 2003 met *Ingrid Jonker – Beeld van 'n digterslewe* en word opgevolg deur *Gesprekke oor Ingrid Jonker* (2006), *Ingrid Jonker – a Poet's Life* (2012), *Ingrid Jonker – 'n Biografie* (waarvoor sy 'n ATKV-Veertjie wen en die kortlys vir KYKnet-Rapport se prys vir nie-fiksie haal) en 'n Nederlandse vertaling, *Het kind is niet dood* (De Kaneelfabriek, 2023).




## Trix Pienaar

Trix Pienaar se talent is in 1971 deur Jans Rautenbach ontdek, waarna sy haar debuut as aktrise in die fliek *Pappa Lap* gemaak het.

Sy was vir jare bekend as die Weet-Bix-tannie met daai bekende Swartlandse brei van haar, maar haar TV-werk was uiteraard nie beperk tot advertensies nie. Sy blink uit as aanbieder in *Uit en tuis* en *Potpourri*, en as aktrise in TV-reekse soos *Suidpunt Hotel*, *Phoenix & Kie* en *Sonkring*. Sy was ook betrokke by Pieter-Dirk Uys se geselskap Sirkel, wat The Space-teater in Kaapstad as hul tuiste gebruik het.

Dit is egter eintlik op die grootskerm waar sy haar die tuisste gevoel het. Sy is bekend vir haar rolle in rolprente soos *Country of my Skull*, *Broer Matie*, *Die storie van Klara Viljee* en *Blink Stefaans*.

Trix en haar enigste seun het vir jare lank in haar unieke treinhuis op Pringlebaai gewoon. In 2018 het kykNET haar met 'n Fiësta vereer vir haar lewenslange bydrae tot die bedryf.




## Hennie Niemann

Hennie Niemann het van kleins af 'n geweldige belangstelling in kuns en boeke getoon en hy kon ure lank na kuns in winkelvensters kyk, of verskillende kunswerke in boeke opsoek.

Hy het uiteindelik onderwys studeer en vir byna twee dekades skoolgehou, voordat sy jarelange korrespondensie met die bekende Gregoire Boonzaier hom uiteindelik genoop het om na Onrus te verhuis om 'n voltydse kunstenaar te word.

Boonzaier het sy buurman en skildermaat geword en sy invloed is steeds in van Hennie se werke merkbaar. Benewens Boonzaier en etlike internasionale kunstenaars, het Vader Claerhout ook 'n groot invloed op sy werk gehad.

Hennie skilder in verskillende style en genres en sy werk is deel van 'n paar baie indrukwekkende plaaslike en internasionale privaat versamelings. Hy is veral bekend vir sy tradisionele werke soos *Harvesters* en *Fynbos Pickers*. Sy seun, Hennie Jnr, is ook 'n befaamde kunstenaar.




## Carel Trichardt

Carel Trichardt is op die ouderdom van 86 steeds aan die woeker en is sonder twyfel een van SA se mees gesoute verhoogakteurs en -regisseurs. Hy is ook 'n befaamde stemkunstenaar en het aanvanklik bekendheid verwerf as die stem van die monster Knersis in die kinderprogram *Oscar*.

Hy het egter deur die jare 'n huishoudelike naam geword danksy sy verskyning in talle rolprente soos *Verraaiers* en *Oh Schuks . . . I'm Gatvol* en televisiereekse soos *Vyfster*, *Die Byl* en *The Fourth Reich*. Hy tree ook gereeld op as beoordelaar van kunswedstryde en toneel- en filmfeeste, waaronder die ATKV se Tienertoneelfees.

Hy en sy ewe bedrywige vrou, Petru Wessels, woon in Somerset-Wes. Voorheen het hulle jare lank die Teaterhuisie in Pretoria bedryf. Carel was ook etlike jare die hoof van Tukkies se dramadepartement. In 2011 ontvang hy die Erepenning vir Toneel- en Verhoogkuns en die Gerhard Beukes-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.




## Petru Wessels

Petru Wessels is al jare aktief betrokke by die bevordering van die Afrikaanse taal deur onder meer skoolbesoeke, kinderteater, die aanbied van jeug- en vroueweke, dramaklasse, boeke-uitstallings en spesiale vertonings vir senior burgers.

Saam met haar man, Carel Trichardt, is hulle steeds doening op en van die verhoog. Hul stuk *Kersklanke* is al etlike jare 'n groot sukses.

Petru is 'n gebore Johannesburger wat in die Kaap en Vrystaat grootgeword het, en uiteindelik 'n dramagraad aan die Universiteit van Natal verwerf het. Dis hier waar sy vir Trichardt ontmoet het. Hulle het later in Pretoria gewoon, waar Wessels as professionele aktrise vir Truk gespeel het en hulle met groot vrug, die befaamde Teaterhuisie in Sunnyside gehad het.

Op 82 maak Petru vanjaar weer haar terugkeer na die verhoog in die eenvrouvertoning *Vrou met die 27 kinders*, 'n rol wat sy in 1996 by die KKNK vertolk het.





## Wilna Snyman

Wilna Snyman, een van SA se gewildste en geliefste aktrises, het vir baie jare die rol van Madel Terblanche in die sepie *7de Laan* vertolk. Sy was egter 'n uitsonderlike verhoogaktrise in die 1960's en 1970's en haar vertolkings in stukke soos *Mattewis en Meraai* en *Siener in die suburbs* was legendaries.

In 1990 vertolk Snyman die hoofrol in die solostuk *Dear Mrs. Steyn*, 'n verwerking van Emily Hobhouse se *Boer War Letters*. Dié stuk was so suksesvol dat dit ook in SA ambassades in Engeland, Skotland, Duitsland en Oostenryk opgevoer is. Hierdie rol, tesame met haar rol as Makiet in Adam Small se *Kanna, hy kô huistoe*, beskou sy as van die hoogtepunte van haar loopbaan en lewe.

Snyman was ook deel van die bloeitydperk van kabaret, op die verhoog én op televisie, en in meer as 50 jaar in die vermaaklikheidsbedryf ontvang sy 19 toekennings en 10 benoemings. Haar outobiografie, *Memoires*, verskyn in 2006, kort voor Alzheimer se siekte by haar gediagnoseer is. Wilna en haar oorlede man, Jaap, het in Hermanus afgetree.




## Cobus Rossouw

Cobus Rossouw word allerweë as 'n pionier van die Afrikaanse toneelwêreld beskou. Hy en sy ewe legendariese vrou, Sandra Kotzé, is ikone op die gebied van die toneel- en voordragkuns in SA. Hul vertolkings getuig van jare se artistieke ondervinding en vir hierdie uitsonderlike prestasie het hulle 'n gesamentlike Erepenning vir Toneel- en Verhoogkuns en die Gerhard Beukes-prys in 2014 ontvang.

Cobus was te sien in verskeie groot rolprente soos *Die kandidaat*, *Die wildsboudjie* en *Jannie totsiens*, en TV-reekse soos *Sonkring*. Sy groot verhoogrolle sluit in *Koning Lear*, *Richard III*, *Hamlet*, *Oom Wanja* en *Die idioot*.

Cobus en Sandra het drie kinders, en die appel(s) val nie ver van die boom af nie. Wilmien is 'n skrywer en regisseur, Cobus Jnr, 'n TV- en rolprentregisseur en ook akteur in onder meer *Binnelanders*, en Susan is 'n rolverdelingsregisseur.




## Sandra Kotzé

Sandra Kotzé is die eggenoot van die akteur Cobus Rossouw. Van haar bekendste rolle is Tante Magriet in *Faan se trein* (2014), die ongelooflike vertolking van Hessie van Deventer in *Die wonderwerker* (2012) en Mev. Leibbrandt in die TV-reeks *The Fourth Reich*, wat in 1990 opslae gemaak het. Sandra en Cobus het in verskeie produksies saam gewerk, waaronder *Die wonderwerker* en die verhoogstuk *Kind Hamlet*.

Sandra het in 'n televisieonderhoud spottenderwys gesê dat Cobus altyd harder as sy gewerk het. Sy was lank bestuurder van die SAUK se drama-afdeling, maar het, nes Cobus, nog altyd die verhoog verkies.

Haar positiewe geaardheid, het Cobus erken, het hom etlike male in sy lewe gehelp en soms byna gered. Hulle vier in 2025 reeds hul 60ste huweliksherdenking.




## Marco van der Colff

Baie mense sal Marco van der Colff dadelik as stemkunstenaar en akteur eien, maar hy is eintlik van kleins af ook 'n storieverteller. Van die eerste geskenke wat hy graag wou hê, was 'n tikmasjien, en hy het etlike stories en gedigte daarop geskryf.

Van der Colff was 'n professionele akteur vir verskeie streeksrade voor dit ontbind is, maar as akteur was die skryfstem immer sterk. Op die ouderdom van 65 besluit hy dis nou of nooit en in 2023 verskyn sy debuutroman, *Dieper as drome*. Dié historiese roman speel af teen 'n agtergrond van die diamant-en-goudstormloop en bekende historiese figure soos Barney Barnato en Cecil John Rhodes maak hul verskyning.

Van der Colff is natuurlik ook bekend vir sy rolle in TV-reekse soos *Vallei van sluiers*, *Die Byl* en *Arende*, maar tans is skryf vir hom die aanloklikste.



















Burgundy
RESTAURANT
028 312 2800


1111111-DB040425







Miss Ethel Rubery from England bought the property in 1928 and started the Cypress Tea Garden. Miss Rubery was well known in the area for her charity work in the community.

After being a Hermanus landmark for decades, the Cypress Tea Garden was converted into The Burgundy Restaurant in 1987 by Tim Hamilton Russell, who pioneered Burgundy style pinot noir and chardonnay wines in this area.

It's the oldest building in Hermanus, and some of the original floors and windows still exist.

The dedicated team currently responsible for The Burgundy Restaurant is proud to be part of this living representation of Hermanus's history.

Their consistently high culinary standards are what locals and patrons from all over have come to expect of this special restaurant.

Lucky number 13: The 27th of April 2012 was when La Pentola opened in Hermanus. Since then, this restaurant with its panoramic view of Walker Bay, vibrant atmosphere and Chef Shane's menu full of culinary delights has become a favourite destination for both local and international guests.

Besides locally cultivated abalone, fresh oysters, Cape rock lobsters and fresh linefish, the menu also offers tender in-house-aged steaks, duck, Springbok loin and even vegetarian dishes to satisfy every taste. The warm fireplace takes away the winter chill and makes for romantic evenings with a bottle of regional pinot noir and house speciality seafood pasta. When the Southern Right whales arrive, they can be viewed from your table as they frolic in the bay, no matter the weather.

These are just a few reasons why we are looking forward to another 13 years of La Pentola in Hermanus. See you there!

La Pentola
INTERNATIONAL FUSION CUISINE | SEAFRONT RESTAURANT

WE CATER FOR ALL DIETARY REQUIREMENTS
www.lapentola.co.za • 87 Marine Drive, Village Square • Open daily from 11am to 10pm • Generator power during loadshedding










ADVERTISEMENT

# FABIO'S

Fabio's Ristorante is a neat unpretentious restaurant with a wide and delicious selection of meals, and a great local and Italian wine list. The ambience is bountiful – the decor is old authentic Italia – and the portions are ample. It's a restaurant in Italy in Hermanus.

We are the ONLY authentic Italian restaurant in Hermanus and the Overberg accredited by the Italian Chamber of Commerce. We are one of only 25 in the whole of South Africa.

We use recipes handed down from Italian generation to Italian generation – it's the real tradition of "Mamma's recipes". We make our dishes, sauces and toppings by hand from selected local produce. Our menu is extensive and, apart from the normal pizzas and pastas that you would expect, we offer more unusual dishes like lamb shanks or veal medallions.

We offer a range of seafood and fish dishes and we have vegetarian and vegan options. We have healthy options and children's options ... in other words, we have something for everyone.

***It's an Italian experience. We look forward to seeing you soon! Arrivederci e a presto!***



# DAL ITALIA DELI

Built on the foundation of generations of Italian restauranteurs, Dal Italia extends the family tradition into an exclusive delicatessen, run by co-owners Fabio's son and daughter, Claudio and Carmen, who is also the qualified chef, and of course Fabio himself with their dedicated team.

Dal Italia Deli is centrally situated in the heart of Hermanus with fresh pasta made in the store and delicious rare and exclusive products like truffles, caviar, foie gras, exclusive cheeses, cured meats en much more from around the world filling the shelves.


The deli is a place to browse and have a late Italian style breakfast or a light lunch. Occasionally they are open for dinner during festivals and over long weekends or book the deli for a private function or celebration. The lovely courtyard (*al fresco cortile*) provides outside seating.

Their high end products are sourced locally and from all over the world. They focus mainly on Italian pastas of origin and make their own pastas and sauces for takeaway. Vegetarians are also accommodated.

Dal Italia's cheese speciality is taleggio from Vasassina, near Fabio's home town of Lecco in Northern Italy and they stock Italian spirits such as limoncello, grappa, averna and Italian wines. Their off-sales consumption licence allows you to purchase and enjoy these wines at home.





“ek skryf vir jou hierdie vers
omdat daar niks meer te sê is nie –
asseblief, laat dit jou goed gaan
en neem my saam
waar die maan skrams water vang,
silwerig soos ’n matroos”

– BREYTEN BREYTENBACH

Getty images

# DAGPROGRAM

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|

## SONDAG 27 April

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 19:00 | **Kalfiefees-programbekendstelling \| Die Vyftigers** met Neil Sandilands | 80 min | Musiek | Nederduitse Gereformeerde Kerk | R220 | 37 |

## VRYDAG 1 Aug

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10:00 | **Wat lees my kind/kleinkind?** met Wendy Maartens, Philip de Vos, De Wet Hugo, Gespreksleier: Magdel Vorster | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R50 | 48 |
| 19:00 | **Evita@89 \| Openingsaand** met Pieter-Dirk Uys | 70 min | SATIRE | Ouditorium \| Banketsaal | R250 | 53 |

## SATERDAG 2 Aug

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10:00 | **Liewe Heksie en die wals** met Margit Meyer-Rödenbeck, Deon van Zyl | 60 min | KINDERTEATER | Hawston Primêr | R150/ R100 | 61 |
| 10:00 | **Misdaad** met Julian Jansen, Bettina Wyngaard, De Wett Bischoff, PP Fourie. Gespreksleier: Jonathan Amid | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R50 | 48 |
| 12:00 | **Kry vir jou 'n tux Thomas** met Marion Holm, Dean Smith | 70 min | KOMEDIE | Hawston Sekondêr | R220/ R200/ R150 | 54 |
| 14:00 | **Forte** met Rika Sennett, Jacques Adriaanse | 60 min | DRAMA | Munisipale Ouditorium | R220 | 54 |
| 16:00 | **Nataniël in Concert** with Nataniël | 90 min | MUSIEK/KABARET | NG kerk Hermanus | R250 | 36 |
| 18:00 | **Pinotage & die klank van Afrikaans – 'n Unieke sintuiglike reis.** met Jak de Prester, Barto Eksteen | 150 min 18+ | WYN\|KOS\|MUSIEK \| STORIES | Marine Hotel | R850 | 37 |
| 18:00 | **Churchill Naude en Die Wasgoedlyn** met Riku Latti, Churchill Naude | 70 min | MUSIEK \| STORIES | Hawston Sekondêr | R150/ R120/ R100 | 37 |
| 19:00 | **Marion Monroe** met Marion Holm | 70 min | KOMEDIE | Munisipale Ouditorium | R220 | 54 |

## SONDAG 3 Aug

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 11:00 | **Hoort** met Stephanie Baartman, Janine Neethling | 70 min | MUSIEK \|DRAMA | Munisipale Ouditorium | R220 | 38 |
| 15:00 | **Afrikaans my hart** met Niel Rademan en Take 4 | 70 min | MUSIEK | NG kerk Hermanus | R220 | 38 |
| 15:00 | **ADDICT** met Milton Schorr Gespreksleier: Juliana Coetzer | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R50 | 48 |
| 17:00 | **Rooidag** met Leon Gropp,Marcel Dednam | 70 min | MUSIEK | Munisipale Ouditorium | R220 | 38 |

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|

## MAANDAG 4 Aug

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12:00 | **Karoolady** | 70 min | KABARET | Skybar | R150 | 69 |
| 18:00 | **I Can Buy Myself Flowers**<br>met Erika Breytenbach | 70 min | KOMEDIE | Munisipale Ouditorium | R220 | 55 |

## DINSDAG 5 Aug

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 11:00 | **Vrou, vrouer, vrouste**<br>met Petronel Baard , Lidi de Waal | 80 min | WOORDKUNS \| MUSIEK | NG Kerk Hermanus | R200 | 39 |
| 18:00 | **Antjie Krog**<br>met Antjie Krog | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R120 | 48 |

## WOENSDAG 6 Aug

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12:00 | **Marinda Kook 'n Storm Los**<br>met Marinda Engelbrecht,<br>Nadine Petrick (Gespreksleier) | 120 min | KOOK \| KOMEDIE \| BOEKEKUIER | Hermanus Gholfklub | R420 | 48 |
| 17:00 | **Breyten Breytenbach-huldiging**<br>met Daniel Hugo, Tom Dreyer,<br>Maletta Fourie, Jennifer Pape, Riku Latti | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R150 | 49 |
| 19:00 | **Living in Colour**<br>met Joy Collective | 75 min | WOORDKUNS \| MUSIEK | NG Kerk Hermanus | R150 | 39 |

## DONDERDAG 7 Aug

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | **Sakeontbyt: Our Long Walk to Economic Freedom (Johan Fourie)**<br>met Johan Fourie<br>Gespreksleier: Richard Gray | 90 min | BESPREKING \| DEBAT | Hermanus Gholfklub | R150 | 49 |
| 12:00 | **Verlangebos**<br>met Nic de Jager, Wilco van Wyk,<br>Rina Goldberg, Schalk Joubert,<br>Pieter-Adriaan Stofberg, Schalk Wasserman | 70 min | WOORDKUNS \| MUSIEK | NG Kerk Hermanus | R220 | 39 |
| 14:00 | **Kameras konserte & kleedkamer stories...**<br>met Liz Meiring | 70 min | KOMEDIE | Munisipale Ouditorium | R200 | 55 |
| 18:00 | **Hortjies dig**<br>met Chris van Niekerk, Joanie Combrink | 70 min | DRAMA | Munisipale Ouditorium | R220 | 55 |

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|

## VRYDAG 8 Aug

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10:00 | **Hans bars die bioborrel**<br>met Tiaan Slabbert | 90 min | KOMEDIE | NG Kerk Hermanus | R180 | 56 |
| 12:00 | **Die vrou met 27 kinders**<br>met Petru Wessels | 70 min | DRAMA | Munisipale Ouditorium | R220 | 56 |
| 14:00 | **Liefde is... Romanseskrywers?**<br>met Elsa Winckler, Malene Breytenbach, Ilse Beukes, Alicia Hanekom. Gespreksleier: Nadine Petrick | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R50 | 49 |
| 14:00 | **Glasiewynfontein**<br>met Jak de Priester | 70 min | MUSIEK \| STORIES | **Sandbaaisaal**<br>Voor die vertoning is daar 'n pinotageproe deur Pinotage 100 | R220/<br>R200/<br>R150/<br>R180 | 40 |
| 16:00 | **Swerwersongs**<br>met Anna Davel, Pietman Geldenhuys | 70 min | MUSIEK \| STORIES | NG kerk Hermanus | R220 | 40 |
| 18:00 | **Ontdoos**<br>met Elzabe Zietsman | 70 min<br>pg16 | KABARET \| DEBUUT | Munisipale Ouditorium | R250 | 68 |
| 20:00 | **Die kaalkopwaarheid - DKW en Die Wasgoedlyn**<br>met Riku Latti & kie | 70 min | MUSIEK \| STORIES | **Sandbaaisaal**<br>Voor die vertoning is daar 'n pinotageproe deur Pinotage 100 | R220/<br>R200/<br>R150/<br>R180 | 40 |

## SATERDAG 9 Aug

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10:00 | **The Incredible Journey of Tinkerbell van Tonder**<br>met Amanda Strydom, Coenraad Rall | 70 min<br>Pg16 | MUSIEK | NG Kerk Hermanus | R200 | 69 |
| 10:00 | **Seun-gesprek**<br>met Barend la Grange in gesprek met Dana Snyman en Byn Booyens | 60 min | BOEKEFEES | Ouditorium \| Banketsaal | R50 | 49 |
| 12:00 | **Seun**<br>met Wilhelm van der Walt | 90 min | DRAMA | Munisipale Ouditorium | R250 | 56 |
| 14:00 | **Tannie Maria kom maak 'n draai**<br>met Susan Booyens in gesprek met Sally Andrews | 60 min | BOEKEKUIER | Ouditorium \| Banketsaal | R50 | 49 |
| 14:00 | **Bacchus tot Bekker**<br>met Amore Bekker | 75 min | KOMEDIE | **Sandbaaisaal**<br>Voor die vertoning is daar 'n pinotageproe deur Pinotage 100 | R220/<br>R200/<br>R150/<br>R180 | 57 |
| 16:00 | **88**<br>met Coenie de Villiers, Rocco de Villiers, Mauritz Lotz | 70 min | MUSIEK | NG Kerk Hermanus | R220 | 41 |
| 18:00 | **Katrien, die King en die Kween**<br>met Elzabé Zietsman, André Schwartz, Tony Bentel | 70 min | KABARET | **Sandbaaisaal**<br>Voor die vertoning is daar 'n pinotageproe deur Pinotage 100 | R250 | 69 |
| 20:00 | **Trein na Pretoria**<br>met Vernette, Marius Wessels, Gavin Young en Charlie Botha van Coffee snobs | 70 min | MUSIEK \| ORKES | **Sandbaaisaal**<br>Voor die vertoning is daar 'n pinotageproe deur Pinotage 100 | R220/<br>R200/<br>R150/<br>R180 | 41 |

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys | Bl. |
|---|---|---|---|---|---|---|

## SONDAG 10 Aug

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 11:00 | **Hartsbriewe**<br>met Hannes van Wyk, Coenraad Rall | 70 min | MUSIEK \| STORIES | **Munisipale Ouditorium** | R220.00 | 41 |
| 14:00 | **Afrikaans 100**<br>met Lizz Meiring | 70 min | KOMEDIE | **Sandbaaisaal**<br>Voor die vertoning is daar 'n pinotageproe deur Pinotage 100 | R220/<br>R200/<br>R150/<br>R180 | 57 |
| 16:00 | **Karnaval van die diere**<br>met Niël Rademan, Elna van der Merwe, Jose Dias | 70 min | MUSIEK | **NG Kerk Hermanus** | R220.00 | 42 |

## ENIGE VRAE OOR DIE Kalfiefeesprogram

### Kontak die organiseerders by:

**E-POS:** navrae@kalfiefees.co.za

**TELEFOON:** 061 520 9041

**WEB:** www.kalfiefees-hermanus.co.za

### As jy sukkel met AANLYN BESPREKINGS, kontak Tixsa by:

**E-POS:** support@tixsa.co.za

**TELEFOON:** 012 880 2635

**Werksure:**
Ma. tot Vr. 09:00 – 17:00; Sa. 10:00 – 14:00;

So. en openbare vakansiedae 10:00 – 13 :00

**webtuiste:** www.tixsa.co.za



# FLIEKFEES

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys |
|---|---|---|---|---|---|

## VRYDAG 1 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **Geheim Van Nantes**<br>met Pieter Hauptfleisch, Dawid Swart<br>Leonie Ross, Raedawn Stevens,<br>Francois de Bruyn, Nic de Jager | 1 h 36 min | ROMANTIESE DRAMA | Romantiques Cinema | R95 |

## SATERDAG 2 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **My Fair Lady**<br>met Audrey Hepburn, Rex Harrison,<br>Stanley Holloway, Wilfrid Hyde-White,<br>Gladys Cooper, Jeremy Brett<br>and Theodore Bikel | 2 h 50 min | MUSIEKBLYSPEL | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **My Fair Lady**<br>met Audrey Hepburn, Rex Harrison,<br>Stanley Holloway, Wilfrid Hyde-White,<br>Gladys Cooper, Jeremy Brett<br>and Theodore Bikel | 2 h 50 min | MUSIEKBLYSPEL | Romantiques Cinema | R95 |

## SONDAG 3 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **The Gods Must be Crazy**<br>met Sandra Prinsloo, N!xau, Marius Weyers,<br>Nic de Jager, Michael Thys, Louw Verwey,<br>Ken Gampu, Simon Sabela | 1 h 49 min | KOMEDIE | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **The Gods Must be Crazy**<br>met Sandra Prinsloo, N!xau, Marius Weyers,<br>Nic de Jager, Michael Thys, Louw Verwey,<br>Ken Gampu, Simon Sabela | 1 h 49 min | KOMEDIE | Romantiques Cinema | R95 |

## MAANDAG 4 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **'n Seder val in Waterkloof**<br>Alex Heyns, Magda Beukes, Paul Malherbe,<br>Wilna Snyman, Bill Flynn, Vera Johns<br>en Don Leonard | 1 h 18 min | DRAMA | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **n Seder val in Waterkloof**<br>Alex Heyns, Magda Beukes, Paul Malherbe,<br>Wilna Snyman, Bill Flynn, Vera Johns<br>en Don Leonard | 1 h 18 min | DRAMA | Romantiques Cinema | R95 |

## DINSDAG 5 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **The Shawshank Redemption**<br>met Morgan Freeman, Tim Robbins,<br>Bob Gunton, William Sadler, Clancy Brown,<br>Gil Bellows and James Whitmore | 2 h 22 min | DRAMA | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **The Shawshank Redemption**<br>met Morgan Freeman, Tim Robbins,<br>Bob Gunton, William Sadler, Clancy Brown,<br>Gil Bellows and James Whitmore | 2 h 22 min | DRAMA | Romantiques Cinema | R95 |

| Tyd | Produksie | Tydsduur | Afdeling | Venue | Prys |
|---|---|---|---|---|---|

## WOENSDAG 6 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **A Room with a View**<br>met Maggie Smith, Denholm Elliott, Judi Dench, Simon Callow, Helena Bonham Carter, Julian Sands, Daniel Day-Lewis, and Fabia Drake | 1 h 57 min | ROMANCE | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **A Room with a View**<br>met Maggie Smith, Denholm Elliott, Judi Dench, Simon Callow, Helena Bonham Carter, Julian Sands, Daniel Day-Lewis, and Fabia Drake | 1 h 57 min | ROMANCE | Romantiques Cinema | R95 |

## DONDERDAG 7 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **Grease**<br>met John Travolta, Olivia Newton-John Stockard Channing, Eve Arden, Frankie Avalon, Joan Blondell, Edd Byrnes, Sid Caesar | 1 h 45 min | MUSIEKBLYSPEL | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **Grease**<br>met John Travolta, Olivia Newton-John Stockard Channing, Eve Arden, Frankie Avalon, Joan Blondell, Edd Byrnes, Sid Caesar | 1 h 45 min | MUSIEKBLYSPEL | Romantiques Cinema | R95 |

## VRYDAG 8 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **Funny People**<br>met Jamie Uys, Zack du Plessis, Tani de Lange, Clive Scott, Hermann Visser and Michael de Morgan | 2 h 26 min | Komedie | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **Funny People**<br>met Jamie Uys, Zack du Plessis, Tani de Lange, Clive Scott, Hermann Visser and Michael de Morgan | 2 h 26 min | Komedie | Romantiques Cinema | R95 |

## SATERDAG 9 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **Mamma Mia**<br>met Merryl Streep, Pierce Brosnan, Colin Firth, Stellan Skarsgard, Julie Walters, Dominic Cooper, Amanda Seyfried, Christine Baranski | 1 h 49 min | MUSIEKBLYSPEL | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **Mamma Mia**<br>met Merryl Streep, Pierce Brosnan, Colin Firth, Stellan Skarsgard, Julie Walters, Dominic Cooper, Amanda Seyfried, Christine Baranski | 1 h 49 min | MUSIEKBLYSPEL | Romantiques Cinema | R95 |

## SONDAG 10 Aug

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 13:00 | **The Good, the Bad and, the Ugly**<br>met Clint Eastwood, Eli Wallach, Lee van Cleef, Aldo Giuffre, Andtonio Casas and Rada Rassimov | 3 h 01 min | WESTERN | Romantiques Cinema | R95 |
| 19:00 | **The Good, the Bad and, the Ugly**<br>met Clint Eastwood, Eli Wallach, Lee van Cleef, Aldo Giuffre, Andtonio Casas and Rada Rassimov | 3 h 01 min | WESTERN | Romantiques Cinema | R95 |

## Pierre en Pauli Produksies

# 'n Kultuurkrag in Hermanus

Pierre en Pauli Produksies vier vanjaar twee jaar in Hermanus, en in hierdie kort tyd het hulle diep spore in die kultuurhart van die dorp se gemeenskap getrap. Met hul ryke kulturele agtergrond het hulle bekendheid verwerf deur musiek, talentontwikkeling en kore as 'n brugboumiddel in die gemeenskap te gebruik. Nie net ondersteun hul produksiehuis individuele kunstenaars en groepe nie, hulle help ook besighede en individue met hul fotografie- en videodienste. Hierdie vaardighede plaas ondernemings in die kollig en skep geleenthede vir mense om raakgesien te word.

### 'n Nuwe dimensie vir Hermanus en die Overberg

Hier in Hermanus word hul visie tans uitgebrei na 'n nuwe dimensie. Pierre en Pauli Produksies is trots om die MyTown-handelsmerk uit te brei deur die MyOverberg-app hier bekend te stel. Hierdie innoverende toepassing sal 'n beduidende impak op besighede en die toerismebedryf in die Overberg hê. Die sukses van hierdie konsep in die noorde van die land is reeds so indrukwekkend dat dit erkenning ontvang het in publikasies soos *Beeld* en op Netwerk24.

Die MyOverberg-app stel gebruikers in staat om met 'n enkele klik toegang te verkry tot alles wat hulle benodig, regstreeks op hul foon se skerm.

Dit bied 'n vinniger en geriefliker alternatief tot webgebaseerde inhoud en verseker dat Pierre en Pauli Produksies steeds mense help om raakgesien te word en hul ondernemings te bevorder.

### Pierre en Pauli Produksies by die 2024-Kalfiefees

Pierre en Pauli Produksies het 'n groot rol by verlede jaar se Kalfiefees gespeel, veral met bemarking op sosiale media en advertensies vir die fees. Pierre was aktief agter die skerms betrokke deur plakkate op te sit en borde te help hang om kaartjieverkope aan te moedig.

Hy het sy dankbaarheid uitgespreek teenoor die feesdirekteur vir die geleentheid om betrokke te wees. Dit het hom gehelp om vinnig in die gemeenskap te integreer en 'n verskil te maak.

Hul produksies by die 2024-fees – die kabaret *Moedersmelk* en die uitmuntende *Skouspel* met Jannie Moolman en plaaslike kore – het groot gehore gelok. Ander bydraes tot die fees sluit in Pauli se kinderproduksie *Poplap die lappop* en Pierre se sangskool vir jong sangers.

### Kalfiefees 2025: 'n Nuwe hoofstuk

Vir Kalfiefees 2025 bring Pierre en Pauli Produksies hul beproefde Showchoir-konserte terug.

Hierdie jaar sal die konserte in 'n meer intieme omgewing aangebied word, maar oor meer aande plaasvind. Moet dus nie die geleentheid misloop om hierdie vreugdevolle musiekbelewenis te ervaar nie! Die konserte, getiteld *Die Showcase*, sal van 7 tot 9 Augustus 2025 in die De Wet-saal plaasvind.

Daarbenewens bied hulle op 4 en 5 Augustus 'n twee-dag-werksessie aan vir sangers wat wil leer hoe om hul eie musiekvideo's te vervaardig. Hierdie werksessie is 'n unieke geleentheid vir aspirant-musikante om waardevolle vaardighede op te doen.

### 'n Toekoms geanker in kuns en gemeenskap

Pierre, 'n talentvolle videograaf, fotograaf en vervaardiger, werk deurlopend landwyd aan verskeie produksies. Pierre se passie vir musiek dryf hom om steeds twee middae per week toe te wy aan die ontwikkeling van talentvolle sangers. Sy musiek en visuele kuns neem hom gereeld oor die land heen.

Deur haar virtuele sentrum wat vaardighede in openbare toesprake ontwikkel, Gladdebekke, het Pauli reeds talle redenaars op verskeie platforms tot sukses gelei. Saam is hulle 'n gedugte span.

Pierre en Pauli Produksies bedank graag die Kalfiefees vir die wonderlike geleentheid om weer deel te wees van die fees. Hulle sien uit na nóg 'n jaar van kreatiewe samewerking en kulturele groei in Hermanus en die Overberg.

**Vir meer inligting besoek gerus hul webtuiste:**

myoverberg.co.za

**Om jou onderneming by hul My Overberg-app te voeg, gaan na:**

myoverberg.co.za/list-your-business/

***Moenie hierdie staatmakers misloop nie!***



**Vir meer inligting kontak hulle gerus by pierrepauliproductions@gmail.com**
**Om jou onderneming by hul My Overberg-APP te voeg, gaan na myoverberg.co.za/list-your-business/**

# Verkoop meer kaartjies, bemark beter met Tixsa

**Tixsa is trots om die Kalfiefees se amptelike kaartjievennoot te wees. Dit is 'n besonderse eer wat ons met toewyding hanteer. Ons sien dit as 'n voorreg om deel te wees van 'n fees wat die kunste vier en gemeenskappe verbind.**

As 'n aanlyn kaartjiemaatskappy bied Tixsa 'n allesomvattende, gebruikersvriendelike en aanpasbare platform wat veel verder as net kaartjieverkope strek. Ons doel is om elke aspek van jou geleentheid te verbeter – van die eerste klik tot die laaste gordyn sak.

## Waarom Tixsa?

### Tegnologie en gemaklike gebruik

- **Veilige en interaktiewe aanlyn kaartjieverkope**, met maklike integrasie op jou webwerf of sosiale media-platform.
- **Geïntegreerde bemarkingsagteware**, insluitend e-pos- en SMS-veldtogte, promosiekodes en opsies om op sosiale media te deel.
- **Interaktiewe sitplek- en pakketopsies** – perfek vir alles van teaterproduksies tot grootskaalse feeste.
- **Stroomgeleenthede** met professioneel bestuurde aanlyn bywoning wat maklik in jou kaartjieverkope geïntegreer word.
- Ons platform is ten volle aanpasbaar vir 'n persoonlike handelsmerkervaring – jou kleure, jou styl, jou naam.

### Bestuur en toegang

- **Volledige toegangbeheer**, soos kaartjie-skandering en skarebeheer.
- **Onmiddellike verslae en akkurate analise** – neem ingeligte besluite op grond van wat regtig werk.

### Bemarking en ontwikkeling

- Gevorderde bemarkingspaneelbord om verkope, promosies en kliëntebetrokkenheid doeltreffend te monitor.
- Verkoop produkte saam met kaartjies en verhoog dus jou inkomste met 'n geïntegreerde aanlyn winkelmandjie.

### Finansiële en kliëntesekuriteit

- **Betroubare, vinnige betalings** en volledige nakoming van PCI-standaarde vir veilige transaksies.
- **Volledige databeskerming** en eksklusiwiteitsopsies vir jou projek.

### 'n Vennootskap wat jou handelsmerk versterk

Tixsa fokus op jou handelsmerk. Ons platform bemagtig jou om jou kaartjieverkope én jou handelsmerk sigbaar uit te bou. Elke kliënt is vir ons belangrik, en ons span werk aktief saam met jou om die beste moontlike ervaring vir kaartjiekopers te verseker. Jou toegewyde Tixsa-personeel raak dikwels 'n verlenging van jou eie span.

### 'n Wenresep vir sukses

Soos bewys deur toekennings soos **EXSA-LLENCE en AAXO se Beste Diensvennoot 2023 en 2024**, word ons reeds deur van Suid-Afrika se grootste feeste en uitstallings vertrou. Kom wees deel van dié suksesverhaal.

Of jy 100 of 100 000 kaartjies wil verkoop, Tixsa help jou om meer kaartjies te verkoop – met minder moeite.







tixsa

# HAWE VAN KUNS EN KULTUUR

**As jy nie iewers in 'n teater sit nie, wat van 'n rustige wandeling deur Hermanus? Daar is baie te sien.**

Die Village Amble, 'n roete wat deur die hartjie van Hermanus loop, neem jou na die groot muurskilderye en in die dorp.

Die opeluggalery strek oor die hele Hermanus en lei jou deur die strate en stegies vol verrassings. Langs die pad gaan jy veel meer as kuns ervaar.

Elke sonderlinge winkeltjie is 'n kunswerk op sigself en bied 'n skatkis van plaaslik vervaardigde geskenke, klere, speelgoed, boeke en ander keurig uitgesoekte kosbaarhede.


Onderbreek gerus jou stappie met 'n koffie, 'n glas wyn of 'n fynproewerservaring by die heerlike verskeidenheid restaurante, kelders en koffiewinkels.

Die Hermanus Village Amble is 'n besonderse belewenis wat insig in die wonder van openbare kuns bied.




**Skandeer die QR-kode vir meer inligting oor die Village Amble, die kunstenaars en hul kontakbesonderhede. Maak eenvoudig die kamera-app op jou slimfoon oop, skandeer die QR-kode en klik op die webblad wat verskyn.**






**1:** Kseniia Nel • **2:** Jeandré Marinier • **3:**
Dyk • **10:** Kseniia Nel • **11:** Jeandré Mar
Friday Artist • **11:** Jeandré Marinier
• **11:** Mardee Cita • **12:** Llo
Projec











Jeandré Marinier • **4:** Hanlie Camps • **5:** Crazylicious Cookies • **6:** Kseniia Nel • **7:** Jeandré Marinier • **8:** Jeandré Marinier • **9:** Tertius van
inier • **11:** Sue Parry • **11:** Direy Uys • **11:** Sue Conradie • **11:** Arie Swanepoel • **11:** Christine Henderson • **11:** Jenny Bowes-Meyer • **11:** Lucky
r • **11:** Charmé Southey • **11:** Debbie van Vuren • **11:** Kseniia Nel • **11:** Lloyd Charakupa • **11:** Alicia Maasburg • **11:** Annemarie du Plooy
oyd Charakupa • **13:** Jeandré Marinier • **14:** Jeandré Marinier • **15:** Tertius van Dyk • **16:** Jeandré Marinier • **17:** Rotary Group
ct • **18:** Jeandré Marinier • **19:** Hermanus Waterfront • **20:** Kseniia Nel • **21:** Kseniia Nel • **22:** Kseniia Nel

# Discover the vibrantly artistic soul of Hermanus

**by Lizël Kimber, co-founder of Beyond Black Mountain NPC**







Hermanus, nestled along the picturesque coastline of the Overberg, is celebrated not only for its stunning landscapes and whale watching but also for its lively arts scene. This charming coastal town serves as a vibrant canvas of creativity, fuelled by the community's passion for artistic expression. Throughout the year, various events unite locals and visitors, showcasing the rich culture and talent that Hermanus has to offer. From the Hermanus Village Amble to the engaging First Fridays Artwalk, there is always something happening that reflects the artistic soul of this town.

**The Village Amble**

The Hermanus Village Amble is a beloved celebration of creativity that attracts art lovers from all over. The quaint village transforms into a lively open-air gallery where local artisans show off stunning artworks painted on participating businesses. On a stroll through Hermanus, visitors have the chance to possibly meet the artists and learn about their creative processes, enhancing the experience and building a personal connection with the creators.

Not only does the Village Amble highlight the local arts, but it also embodies the spirit of community and collaboration. It is a vital platform for local artists to gain visibility.

Visit the Beyond Black Mountain NPC YouTube channel for a video of the Village Amble.

**First Fridays Artwalk**

A unique highlight of Hermanus' artistic landscape is the First Fridays Artwalk, held on the first Friday of each month. This event invites both locals and tourists to explore the town's galleries after hours. As dusk falls, the galleries come alive, transformed into inviting spaces filled with creativity and light.

During the Artwalk, visitors can expect to see a diverse range of artistic expressions, including paintings, sculptures, and photography. On average, more than 20 galleries participate, and local eateries often provide light refreshments, creating a festive atmosphere.

The First Fridays Artwalk is known for fostering a sense of community, where discussions between artists, curators, and art enthusiasts flourish. Whether you're an avid art collector or a casual observer, this event makes art accessible and enjoyable for all.

**Night of a Thousand Drawings**

A noteworthy event on the regional calendar is the Night of a Thousand Drawings, which showcases local talent in an exciting format. The event invites artists of all skill levels – from seasoned professionals to young talent – to contribute a single drawing.

Visitors are treated to a vast array of unique artwork, all priced at the same affordable rate. This simple pricing strategy allows art lovers to collect original pieces without breaking the bank.

The community-oriented spirit of this event emphasizes inclusivity and collaboration in fundraising for worthy causes, making it one of the most cherished happenings in Hermanus.

**Art in the Park**

Another noteworthy, once a month, first Sunday event, is Hermanus Art in the Park. This artist market combines visual arts, music, and delightful cuisine, creating a relaxed environment for families and friends to enjoy.

Local artists showcase their work, and attendees have the chance to interact directly with the creators and purchase pieces that resonate with them. The market also includes workshops for those looking to delve into the artistic process. Typically, around 1 500 visitors enjoy this market to celebrate creativity and community.

This event stands out for its commitment to local art and culture. Often it features themes celebrating nature and the environment, making it a fitting venue for the work of eco-minded and locally inspired artists.

**Celebrating artistic discovery in Hermanus**

The vibrant arts scene in Hermanus is a hidden treasure deserving exploration and appreciation. With events such as the ones mentioned here, the town offers a colourful array of cultural experiences for everyone.

As Hermanus continues to embrace new artistic ideas while valuing its rich heritage, it is clear that this coastal town plays a significant role in the contemporary art scene.

Next time you find yourself in the beautiful streets of Hermanus, take a moment to connect with the art that surrounds you. Each piece holds a story waiting to be uncovered.

*Black Mountain NPC is a non-profit organisation which seeks to encourage community engagement in the Overberg. beyondblackmountain.co.za*

# DIE TEËLS OOR DIE JARE




**Ná vanjaar se Kalfiefees sal daar nóg 'n teël teen die muur van die De Wetsaal op Onrus pryk – een met die naam Neil Sandilands, ter erkenning van sy titel as die nie-amptelike burgemeester van Onrus en die sukses wat hy oor die jare as uitvoerende kunstenaar behaal het.**



# MUSIEKPROGRAM

Van klassiek tot kunstig en allerhande ander kombinasies is vanjaar te kry op die Kalfiefees se veelsydige musiekprogram. Musiekliefhebbers, julle gaan bederf word met iets vir elke smaak.

## Nataniël in Concert

**Met Nataniël en Marcel Dednam (klavier)**

Nataniël bring sy nuutste stories, musiek en kostuums na Hermanus!

Hy sing nuwe weergawes van immergroen treffers, ook ongewone ontdekkings en, die heel belangrikste, oorspronklike melodieë uit sy eie pen.

Vrae, antwoorde, humor, herinneringe, skok, hartseer, twyfel en wyshede vorm alles deel van sy unieke kyk na die wêreld en sy inwoners.

Hy deel die verhoog met pianis Marcel Dednam.

**2 Augustus | 16:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R250**






## Die Vyftigers

**Met Neil Sandilands, Gian Groen, Schalk Joubert en Abel Kraamsaal**

Hierdie jaar is Afrikaans amptelik 100 jaar oud. Die Kalfiefees word 25 jaar oud. Tussenin is die Vyftigers. Dis nou mense wat hierdie jaar, in 2025, presies 50 jare om die son sal vier. Só, mooi in die middel, waar al die aksie lê. Neil Sandilands en Schalk Joubert word 50. Gian Groen en Abel Kraamsaal het pas hul 50ste verjaarsdae gevier. Die manne skryf en speel mos ook hul eie musiek, nie waar nie?

Ons gaan hulle almal saam op 'n verhoog kry vir 'n aand waar ons die afgelope 25, 50 en 100 jaar sinvol tot orde kan roep, dekonstrueer, vier en inasem. In hierdie klein en nederige reus van 'n taal, Afrikaans. Dit kán en sál gedoen word.

Neil Sandilands, Gian Groen, Schalk Joubert en Abel Kraamsaal het koppe bymekaargesit en tree op, vir die heel eerste keer as die Vyftigers. Jy kan jou nie 'n beter geleentheid verbeel om die volheid van tyd in te drink nie. Sien julle op Vryheidsdag 27 April by die Kalfiefeesprogram-bekendstelling in Hermanus.

**27 April | 19:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R220**



## Pinotage & die klank van Afrikaans
### – 'n Unieke sintuiglike reis

**Met Jak de Priester**

Dit is 2025, die Kalfiefees vier sy 25ste feesjaar, Jak de Priester vier amper 25 jaar in die Afrikaanse musiekbedryf, Afrikaans vier 100 jaar as amptelike taal van Suid-Afrika en ons vier ook 100 jaar van pinotage. Dit is die perfekte tyd om die rykheid van Afrikaanse musiek, taal, kultuur en natuurlik wyn en kos, te vier.

In hierdie vertoning neem Jak jou op 'n onvergeetlike reis deur sy treffers – liedjies van ekstase, verlange, en romanse wat die hart raak, terwyl Barto Eksteen jou betower met 'n kos- en wynproe-ervaring waaroor daar nog lank gepraat gaan word. Partykeer is daar lag, ander kere is daar trane, maar elke oomblik is vol emosie.

Kom sluit aan en vier Afrikaans en pinotage se 100 jaar saam met die Kalfiefees, Jak de Priester en Barto Eksteen – 'n aand vol musiek, stories, wyn, en heerlik kuier saam met geliefdes en vriende.

**2 Augustus | 18:00**
**Marine Hotel**
**R850**



## Churchil Naudé en die Wasgoedlyn

**Met Churchil Naude en Riku Lätti**

Koos Kombuis oor Churchil: "My gunsteling-rap-ster is 'n nuwe kalant van Mitchells Plain met die naam Churchil Naudé (met een 'l' om hom van Winston Churchill te onderskei). Hierdie ou kan nog groot gaan in ons taal se musiek; groter as Jack Parow, so groot soos Tafelberg."

As *Kroeskop vol geraas* 'n uitmuntende debuutalbum was, dan het Churchil verseker homself oortref met sy *Kroesiefaaid*, sy nuutste plaat, wat weer deur Riku Lätti van Wasgoedlyn Produksies vervaardig en musikaal versorg is.

Hierdie 12 snitte spog met samewerkings van al Churchil se helde. Musikante soos Bacchus Nel, Anton Goosen, David Kramer en Jannie Hanepoot van Tonder lewer kleur en geur aan die alreeds uitstekende werk.

**2 Augustus | 18:00**
**Hawston Sekondêr**
**Vanaf R100 - R150**



## Hoort

**Met Stephanie Baartman (teks), Elzabé Zietsman (regie), Janine Neethling (musiek) en Johann Slabbert (samesteller).**

Om te behoort; deel wees van; inpas.

*Hoort* is 'n semi-outobiografiese kabaret met die talentvolle sangeres en aktrise Stephanie Baartman, met staaltjies uit haar interessante lewe as dogter van twee pastore met tipies Suid-Afrikaanse erfenis en letsels. Steph se pa se familie is, soos talle ander families, in twee geskeur deur die wet op rasseklassifikasie: een broer en suster is saam met hul ma as Xhosas na die ou Transkei verplaas, terwyl Stephanie se pa en suster saam met hul ouma as bruinmense (die klassifikasie "kleurlinge") in Humansdorp grootgeword het.

Almal ken die uitdrukking "nie wit genoeg nie, nie swart genoeg nie" wanneer dit by bruin kwessies kom, maar hoe nou gemaak as jy ook nie bruin genoeg is nie? Hier het ons 'n skooldogtertjie wat nie eers kwaad of seergemaak is as haar maatjies vir haar sê sy kan nie in hulle erf inkom nie, want "hulle honde byt swartmense". Sy is maar net te bly die hond gaan haar nie byt nie!

**3 Augustus | 11:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**



## Afrikaans my Hart

**Met Minette du Toit Pearce (mezzo-sopraan), Niël Rademan (bariton), Elna van der Merwe (klavier), Zanta Hofmeyr (viool), Jeanne-Louise Moolman (altviool), Susan Mouton (tjello).**

Afrikaans as amptelike landstaal word vanjaar 100 jaar oud.

Die Kalfiefees vier hierdie jaar die taal as deel van ons erfenis met 'n konsert gevul met klassieke sowel as gewilde liedere uit ons pragtige musiekskat.

Die gevierde klassieke musiekgroep Take Four begelei die sangers.

**3 Augustus | 15:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R220**



## Rooidag


**Met Leon Gropp en Marcel Dednam (klavier)**

Die US Woordfees-wenner vir beste musiekgedrewe produksie in 2018 is hierdie toonsetting van N.P. van Wyk Louw se "Rooidag".

N.P. van Wyk Louw het gesê dit is die taak van die kunstenaar om die blinde drif en verlange van sy groep deur sy hele wese in te neem, om alles wat nog vaag of bloot intellektueel is in sy eie hart gestalte te gee en om dit dan eenvoudig in skoonheid weer te gee.

Sy intellektuele nalatenskap is ongekend. Leon Gropp beeld sy gedigte en skrywe op 'n magiese musikale manier uit met sang en kitaar, en Marcel Dednam op klavier.

**3 Augustus | 17:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**




## Vrou, Vrouer, Vrouste

**Met Petronel Baard en Lidi de Waal**

Petronel Baard en Lidi de Waal is 'n vrolike en kunstige kombinasie. Hulle laat jou lag en 'n gevoelige traan pik met stories wat kunstig verpak is uit hul lewenservaring. Hulle is nie net twee, besonderse unieke karakters nie, maar hulle aanbieding is ook vol diepte en sielvolle humor.

*Vrou, Vrouer, Vrouste* is geen uitsondering op die hoë standaard van hul kunsgevulde samesyn nie.

Dit is in Lidi se woorde: " 'n Snaakse, *sad*, hopelose, hoopvolle woord-, kuns- en musiekreis na jou vredevolle self."

*Vrou, Vrouer, Vrouste* - Kom ontborstrok! Spesiaal in Vrouemaand.

**5 Augustus | 11:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R200**




## Living in Color

**With Anneline Hugo (music), Marhette van Huysteen (drama and prose), Nadine Claassen (poetry), Adèle Fouché (art), and Anene Engelbrecht (dance).**

Come experience a sensory journey through art, music, movement and more. From the moment you step into the venue, you will embark on an immersive journey of the senses. *Living in Colour* invites you to slow down, embrace the present, and revel in the beauty of artistic expression in its many forms.

Before the show begins, take time to surround yourself with inviting smells, and explore original works of some of the *Living in Colour* artists. Then, settle into your seat for an inspiring fusion of sound, movement, and storytelling, designed to evoke emotion, spark creativity, and remind you that you are still alive.

Directed by Mariëtte Labuschagne, this production is woven together in a seamless and unforgettable performance. Following the show, guests will have the opportunity to take the vibrancy of the performance into their own spaces, by purchasing some of the works and supporting local talent.

**6 Augustus | 19:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R150**



## Verlangebos

**Met Louis Loock, Nic de Jager en Rina Goldberg (musiek en klavier)**

Kom verwonder jou aan die skoonheid van die Afrikaanse woord en lied. Die ou juweel, "My Sarie Marais", kry 'n amperse jazz-baadjie en Louis Loock se innige vertolking daarvan roer die hartsnare. Volksmusiek – ou wysies en woorde – kry nuwe betekenis.

Nic de Jager – deurwinterde radioman met sy meesterlike aanslag op taal – vervleg gedigte en teks met melodieë uit die *FAK* en *Lieder-musiekskat*, wat musiekregisseur en pianis, Rina Goldberg saamgestel het, om die siklus van die lewe uit te beeld.

Hierdie wonderskone produksie sal oud en jonk betower en siels-tevrede laat.

**7 Augustus | 12:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R220**



## Glasiewynfontein

**Met Jak de Priester**

Dit is 2025, saam met die Kalfiefees 25 vier Jak de Priester sy 23ste jaar in die Afrikaanse musiekbedryf. Dit is ook die jaar waarin Afrikaans 100 jaar as amptelike taal van Suid-Afrika vier.

Jak de Priester het in sy pad as sanger al 'n paar treffers geskryf – elke lied vertel 'n storie van ekstase, verlange, en romanse, soms komies, soms hartseer. In sy nuutste vertoning bring Jak al die elemente van die bioskoop na die verhoog. Dit is vol drama en humor.

Dit is die perfekte manier om Afrikaans se 100 jaar saam te vier, saam met Jak de Priester wat jou na *Glasiewynfontein* neem – 'n wêreld vol musiek, stories, en 'n bietjie van alles wat Afrikaans maak wat dit is.

Kom vroeg, en geniet 'n heerlike wynproe, want ons vier ook pinotage se 100ste verjaarsdag.

**8 Augustus | 14:00**
**Sandbaaisaal**
**Vanaf R150**




## Swerwersongs

**Met Pietman Geldenhuys en Anna Davel**

Pietman Geldenhuys en Anna Davel se paaie kruis al vir jare. Op verhoë waar klomp kunstenaars saam musiek maak, langs 'n kuiervuur tydens 'n feestelikheid, by troues van vriende, begrafnisse van musieklegendes en toekenningsgeleenthede waar hulle glase klink op wenners en verloorders en op die lewe.

Pietman het eens op 'n tyd sy brood verdien as 'n trekkerdrywer, verkoopsman, kelner en straatmusikant. Anna was ook 'n kelner, 'n kolligoperateur, verhoogbestuurder, eiendomsagent en was selfs 'n soldoedie vir twee jaar. Dit skep die agtergrond vir baie interessante afdraaipaaie.

Dis tyd om die kampstoele uit te pak, 'n vuurtjie te maak en die twee saam te gooi in 'n heerlike mengelmoes van *songs* en stories oor "the road less travelled". Die gehoor kan uitsien na Anna en Pietman se oorspronklike Afrikaanse musiek, asook meer bekende musiek oor vêr plekke van onder andere John Denver, Billy Joel en The Fureys.

**8 Augustus | 16:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R220**



## DKW & Hanru Niemand aan die Wasgoedlyn

**Met DKW en Hanru Niemand**

Die Kaalkop Waarheid (DKW) is almal wat weet se gunsteling oorspronklike Afrikaanse *folk band* wat sy ontstaan in Pretoria het. Die lede bestaan uit Nardus du Plooy (liedjieskrywer), Christo Strauss (mandolien), Hanru Niemand (banjo), George Rautenbach (kitaar) en Christo Groenewald (kontrabas). Hul lied "In My Lewe" is al deur miljoene geluister. Met SAMA-nominasies en suksesse agter die blad, is dié groep al lank aan die gang en stoom steeds voort die wye wêreld in met treffers soos "Wegholtrein".

Hanru Niemand is 'n veelsydige Afrikaanse sanger-liedjieskrywer uit die Boland. Sedert 2003 het hy vir homself naam gemaak onder musiekkenners en hy spog vir byna twee dekades al met 'n klein kultus-aanhang van musikale fynproewers wat strek van die Kaap tot in die Noorde.

Die Wasgoedlyn se Jackie en Riku Lätti gaan ook optree. Saam met die Wasgoedlyn het Riku al dosyne albums opgeneem. Met die Wasgoedlyn is Jackie en Riku bekend daarvoor dat hulle alternatiewe Afrikaanse musiek 'n platform bied.

**8 Augustus | 20:00**
**Sandbaaisaal**
**Vanaf R150**



# 88

**Met Rocco de Villiers en Coenie de Villiers**

'n Klavier het 88 note, maar selfs twéé klaviere op een verhoog is nie genoeg vir die vinnige vingers van hierdie twee Suid-Afrikaanse klavierlegendes nie. Gehore het gevra, en Rocco de Villiers en Coenie de Villiers het geluister.

Dié twee Viljees span hul formidable kragte vir die heel eerste keer in hierdie debuut saam. Hulle word op die verhoog deur Suid-Afrika se kitaar-maestro, Mauritz Lotz, bygestaan.

Die repertoire strek vanaf boeremusiek tot by Bach, vanaf die blues tot by ballades. Daar is ou treffers wat spog met vars vertolkings, nuwe komposisies wat spesifiek vir hierdie produksie geskryf is, en – wag daarvoor! – splinternuwe woordkuns uit die penne van albei kunstenaars.

Hulle style is uiteenlopend, maar hulle deel een groot liefde: die klavier. In die proses skep hierdie musikante 'n sonderlinge, nuwe klank. "En nee," lag Coenie. "Ontspan, ek dra nie kortbroek op die verhoog nie!"

**9 Augustus | 16:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R220**



# Trein na Pretoria

**Met Coffee Snobs**

*Trein na Pretoria* vertel die lewensverhaal van 'n vrou en elke fase van haar lewe word ingekleur met musiek: van 'n onskuldige meisie met groot drome tot die avonture van 'n jong vrou wat die wêreld en vryheid omhels; van verlief raak en trou tot moederskap – die wonderlikste ontnugtering; van ouer en groter word (maar nooit oud nie) tot die seerste seer om vir oulaas totsiens te sê.

Hierdie musikale reis met 'n mooi einde is gegrond op 'n ware verhaal: dié van elke dogter, jong vrou, ma en ouma.

**9 Augustus | 20:00**
**Sandbaaisaal**
**Vanaf R150**



# Hartsbriewe

**Met Coenraad Rall en Hannes van Wyk**

Maak gereed vir 'n aand vol lag, warmte en 'n bietjie romanse met *Hartsbriewe*!

Met betowerende musiek deur Coenraad Rall as pianis, en Hannes van Wyk wat 'n heerlike versameling briewe voorlees wat die snaakse, eienaardige en roerende kante van liefde verken – of dit nou romantiese liefde, familiebande of bloot liefde vir die lewe is.

Dit is 'n mengsel van musiek en stories, wat die dinge vier wat ons harte vinniger laat klop.

Verwag breë glimlagte, 'n paar verrassings, en baie lekker-voel-oomblikke!

**10 Augustus | 11:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**



# Karnaval van die diere

**Met José Dias, Mario Nell en Niël Rademan**

Die Franse komponis Camille Saint-Saëns se musikaal komiese werk *Karnaval van die diere* is 'n uitbeelding van die diereryk en word met twee klaviere en 'n verteller uitgevoer uit die pen van Niël Rademan.

In hierdie bekende liedverhaal gebruik die komponis briljante instrumentele effekte om musikale prentjies te skets. Hierdie halfuurlange werk word voorafgegaan deur 'n program van ligter klassieke werke en sang met José Dias en Mario Nell op die klavier en Niël Rademan se pragtige stem.

**10 Augustus | 16:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R220**





Hermanus Office 028 312 1110 | Onrus Office 028 316 3390

Pam Golding Properties (Pty) Ltd - Hermanus Registered with the PPRA.
Holder of a Business Property Practitioner FFC. Operating a Trust Account. W:+27 28 312 1110 E :hermanus@pamgolding.co.za

pamgolding.co.za THE PAM GOLDING WAY An International Associate of Savills savills

ONS AFRIKATAAL VIER 100 JAAR AS AMPTELIKE TAAL



AFRIKAANS AMPTELIK 100



# VIER SAAM FEES

WES-KAAP PROGRAM | 8-11 MEI 2025
GAUTENG PROGRAM | 22-29 MEI 2025

OPENINGSEREMONIE
GEDENKLESINGS
ONTHULLING VAN MUURSKILDERY
TAALTOERE
LANGTAFELS
MAKIETIES
FEESDINEE

MUSIEKPRODUKSIES: Kuns van die Afrikaanse Kunslied
Uit die mond

BESOEK AFRIKAANS100.ORG EN KRY JOU KAARTJIES

# Kom vier jou taal!

### *Openingseremonie*
Afrikaans het sy eerste treë in die Bo-Kaap gegee en dit is dus net gepas dat die openingseremonie daar sal plaasvind. Die digter dr. Diana Ferrus, wie onlangs 'n Prestige-eerbewys van die ATKV ontvang het, die erfeniskoor van die CMCB (Kaapse Maleierkoorraad), wat in 1939 gestig is en sedertdien slegs Afrikaanse en Nederlandse liedjies sing, saam met bekende rieldansgroepe sal tydens die openingseremonie simbolies Afrikaans huis toe bring na die plek waar alles begin het.

**8 Mei – 09:00 tot 11:00**
Kasteel die Goeie Hoop, Kasteelstraat, Kaapstad
Toegang gratis, maar moet bespreek word op Tixsa
Slegs vir volwassenes

### *Onthulling van muurskildery*
'n Ikoniese muurskildery word in die Bo-Kaap geskilder om Afrikaans se eeufees as amptelike taal te vier en 'n simboliese uitbeelding van die reis van Afrikaans na te laat. Hierdie opdragwerk deur 'n talentvolle jong kunstenaar sal toeskouers deur middel van QR-kodes na opvoedkundige platforms lei en só die komvandaan-storie van die taal laat voortleef.

**8 Mei – 12:00 tot 13:00**
H. v. Waal- en Pentzstraat, Bo-Kaap
Almal welkom en bywoning is gratis

### *Langtafels vir Afrikaans*
Daar sal verskeie langtafels wees. Kom trek jou stoel nader en geniet 'n fees van Kaap-Maleise kos gekook deur mense wat weet hoe om kardemom, borrie en masala te meng dat dit op jou tong dans. Ook op die spyskaart is kos uit verskillende streke in die omgewing wat feesgangers gaan laat smul.

**8 Mei – 13:00 tot 15:00**
Cultural Hub, Pentzstraat 26, Schotschekloof, Bo-Kaap, Kaapstad
R280 per persoon, geskik vir die hele gesin.
**8 Mei – 17:30 tot 20:30**
Afrikaanse Taalmonument, Gabbema Doordrift-straat, Paarl
R380 per persoon, slegs vir volwassenes
**9 Mei – 14:00 tot 16:00**
Karl Schiefer-saal, Moraviastraat, Genadendal
R250 per persoon

### *Gedenklesings*
Gedenklesings om hierdie mylpaal in Afrikaans se geskiedenis te vier en erkenning aan die taal te gee word in die Wes-Kaap en Gauteng aangebied. Die taaljuwele in die reis van Afrikaans – naamlik die Bo-Kaap, Genadendal, Paarl en Pretoria – sal elk 'n noemenswaardige rol speel.

**8 Mei – 16:00 tot 17:00**
Afrikaanse Taalmonument, Gabbema Doordrift-straat, Paarl
Gratis, maar kaartjies moet by Tixsa bespreek word
Slegs vir volwassenes
**9 Mei – 10:30 tot 12:30**
Morawiese Kerk, h.v. Moravia- en Kerkstraat, Genadendal
Gratis, maar kaartjies moet by Tixsa bespreek word
**23 Mei – 10:00 tot 13:00**
Kroonsaal, Fort Schanskop
Gratis, maar kaartjies moet by Tixsa bespreek word
Slegs vir volwassenes

## TAALTOERE

**9 Mei – 09:00 tot 15:00**

**Taaltoere in die Bo-Kaap**
Kaartjies en bespreking by die Bo-Kaap Cultural Hub
**9 Mei – 09:00 tot 15:00**

**Taaltoere in die Paarl**
Kaartjies en besprekings by die Afrikaanse Taalmonument
**10 Mei – 09:00 tot 11:00**

**Taaltoere in Genadendal**
Kaartjies en besprekings by die Genadendal-museum
**22 en 23 Mei – 09:00 tot 15:00**

**Taaltoere in Pretoria**
Kaartjies en bespreking by die Voortrekkermuseum



### *Feesdinees*
'n Glansdinee wat 'n driegang-fynproewers-maaltyd insluit op een van die mooiste wynlandgoedere in die Paarl en by die Pretoria Country Club in Waterkloof. Met seremoniemeesters Lizz Meiring en Christo Davids.

**8 Mei – 18:30 vir 19:00**
Kronenburg-landgoed, Malmesburyweg, Paarl
R850 per persoon; 20 tafels met 10 persone elk
Slegs vir volwassenes
**22 Mei – 18:30 vir 19:00**
Pretoria Country Club, Waterkloof
R850 per persoon; 20 tafels met 10 persone elk
Slegs vir volwassenes

### *Uit die mond*
*Uit die mond* is 'n musikale viering van die Afrikaanse taal uit elke mond wat dit praat. 'n Taal, net soos 'n mens, gaan deur baie gedaanteverwisselings. Jy word gebore, jy groei, jy vra. Jy praat, jy sing. Afrikaans is 'n geskenk aan elkeen wat daarin leer, liefhet en leef. Met Amanda Strydom, Coenie de Villiers, Emo Adams, Frazer Barry, Lynelle Kenned en Nicole Holm. Teks en regie: Bianca Flanders. Musiekregisseur: Melissa van der Spuy
Vervaardiger: Afrikaans 100

**10 Mei – 19:30 en 11 Mei – 15:00**
Hoërskool Durbanville-ouditorium, Langenhovenstraat, Durbanville
Goue sirkel-kaartjies: R265; Ander: R200
Geskik vir die hele gesin
**28 Mei – 19:30 en 29 Mei – 15:00**
Atterbury-teater, Daventrystraat 4, Lynnwood Manor, Pretoria
Goue sirkel-kaartjies: R265; Ander: R200
Geskik vir die hele gesin

### *Kuns van die Afrikaanse kunslied*
Aangebied deur Afrikaans 100 en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Die Afrikaanse kunslied kom al langer as 'n eeu en is geskep deur Suid-Afrikaanse komponiste deur sensitiewe bewuswording en voortdurende vernuwing en innovasie. Die bestaan van die Afrikaanse kunslied is iets om te vier, in ag genome dat die kunslied as dié klassieke musiekgenre beskou word wat uitdrukking aan die essensie van menslike emosie en geestesbestaan gee.
Gehoorlede kan uitsien na ou bekendes soos "Op my ou ramkietjie", "Mali die slaaf se lied" en "Heimwee", asook kontemporêre kunsliedere en liedsiklusse van eietydse komponiste.
Met Jo-Nette LeKay (sopraan), Linette van der Merwe (mezzosopraan), Chris Mostert (tenoor), Niël Rademan (bariton) en Susan Steenkamp-Swanepoel (pianis)
Samesteller: Linette van der Merwe

**9 Mei – 19:30**
Toringkerk, h.v. Hoof- en Van der Lingenstraat, Paarl
R165 per kaartjie
Geskik vir die hele gesin
**25 Mei – 15:00**
Musaion, Universiteit van Pretoria-kampus
R165
Geskik vir die hele gesin

### *Makieties*
Is jy lus vir liplek-lekkerte? Die Afrikaans 100 Makieties – wat in die Bo-Kaap, die Paarl, Genadendal en Pretoria gehou word – gaan jou smaakkliere laat baljaar. Van geurige Kaap-Maleise geregte soos bobotie en koesisters, tot watertand boerekos soos potjiekos en malvapoeding.

**10 Mei – 10:00 tot 22:00**
Afrikaanse Taalmonument, Paarl
R50 vir volwassenes, R20 vir kinders onder 12, kinders onder 3 gratis
**10 Mei – 10:00 tot 22:00**
Cultural Hub, Pentzstraat 26, Schotschekloof, Bo-Kaap, Kaapstad
R50 vir volwassenes, R20 vir kinders onder 12, kinders onder 3 gratis
**10 Mei – 11:00 tot 18:00**
Genadendal-museum, Moraviastraat, Genadendal
Bywoning is gratis
**24 Mei – 10:00 tot 22:00**
Botaniese Tuin, Pretoria
R100 vir volwassenes, R50 vir kinders onder 12, kinders onder 3 gratis.
Gesinspakket vir minimum van vier mense: R200

### *Aandmark*
'n Aandmark vir die hele gesin onder die reusebome van die werf by die Genadendal-museum. Hierdie geleentheid bied spys en drank, kuns en allerlei is. Dit is die ideale tyd om die hart van die historiese dorp te leer ken.

**9 Mei – 18:00 tot 21:00**
Genadendal-museum, Moraviastraat, Genadendal
Bywoning is gratis

# A sense-sational meander

**Creation Wines is at the heart of a new food, wine, sights and sounds experience. It's a tasting tour that will be your most valuable souvenir of Hermanus.**




What better way to explore a destination than to follow a trail that stimulates the senses and imprints unique memories of your stay? Combining some of the best land-based whale watching in the world in season, this cleverly designed gastronomic tour, led by Susan Mann, does just that!

Creation Wines opened their "little black book" of valued partners who not only offer exceptional service, but also authentic food and wine experiences designed by local craftspeople and artisans.

"Connecting, collaborating and innovating is part of Creation's success," says Creation's creative director and co-owner, Carolyn Martin. "We want to share our philosophy of 'what grows together goes together' by linking our guests with our suppliers and a handful of iconic establishments, so they experience our local treasures and support our community."

The tour begins at the Hermanus Tourism Bureau with an invitation to don a Mardee hat designed by entrepreneur Mardee Cita. The colourful Ndebele-inspired designs fly colours and patterns unique to South Africa and don't only offer smart shade but are also eye-catching originals.

From the Tourism Bureau, the tour takes you to the spectacular cliff's edge of Gearing's Point where Just Pure, originated by perfume alchemist Tamsin Koen, boasts one of the best ocean views in town. Here you will taste a deliciously crisp Creation Sauvignon Blanc and a healthy green juice booster after a hand cleansing experience using hand-crafted, environmentally sensitive natural products.

Centred on The Perfume of Wine sensory experience, guests learn about the therapeutic properties of essential oils. Creation commissions these products for their Tasting Room to connect their ethos of wellness and sustainability with a local producer focused on SA products using plant oils, herb extracts and natural ingredients.

From Just Pure, the tour skirts the cliff path to The Wine Glass, positioned in one of the town's most creative zones, where several art galleries and clothing and jewellery boutiques will have you making notes to return. At this destination, stocked with a wonderful range of local wines, Creation Rosé is paired with a crisp, light Vietnamese Spring Roll with an optional tasting of the estate's signature chardonnay range.

From this specialist wine-tasting venue, the tour heads to the spectacular Walker Bay promenade where, in season, Southern Right whales spy-hop, breach and calve right beneath you on the stone walkway.

Down a flight of stone steps lies one of the most unusual and acclaimed restaurants in the town, the Old Harbour Perlemoen, which hugs the cliff face scant metres from breakers that sweep up the historic slipway. The air is infused with ocean mist, and it is here that Creation Viognier is paired with abalone tasting plates. Guests are invited to hold a shell to their ears and "hear" the sea while letting their tastebuds savour the fragrant notes of the wine with the distinct umami taste of the shellfish. The magical illusion of sound and taste immensely enhances the experience and stimulates the senses.

The promenade that curves along the sheltered old harbour is an art and fashion route to be explored later, but on this tour it leads directly to one of the town's iconic destinations.

Boasting over a century of history, The Marine Hotel became a key attraction for those in search of the famous Hermanus "champagne air". From rudimentary beginnings, the hotel in its modern guise is famous for its classic elegance.

Here Creation's signature pinot noir is paired with a delicious dish of Overberg lamb. Tables are set with crisp white tablecloths, with touches of aqua to connect with the ocean beyond. Known for its excellent service and warm, relaxed atmosphere, the hotel epitomises the Creation ideal of accessible sophistication.


Equally valuable is experience and expertise. The tour meanders to the centre of town to Wine & Co, where some of the world's most exceptional vintages from boutique estates and independent winemakers create a "library" of wines. It's a destination for discerning wine lovers and anyone who needs expert advice – which is generously given. Here Creation's Elation Cap Classique bubbly is paired with Anysbos Tafelberg cheese with GoSlow gluten-free Melba. If you're carried away by the experience and can't wait to ship your favourites home, anywhere in the world, Wine & Co have you covered.

The tour has an unusual grand finale. Guests who have tasted and fallen madly and deeply for Creation's Fine Cape Vintage will notice that it is presented in a covetable black velvet pouch. Not only is the texture comparable to the velvety smooth Creation Vintage (paired with a moreish Von Geusau Praline), it also connects touch and taste in a masterful way.

The velvet bags and napery, handcrafted at the renowned Hermanus Factory Shop, add a local artisinal touch to the experience. It's worth asking about the story behind this shop that once housed a bank and a jeweller in the earliest days of the town's history. Today, Hermanus Factory Shop is the go-to for residents and visitors seeking décor, fabric, limited-edition fashion, and excellent service.

The tour ends back at Hermanus Tourism Bureau after about four hours, and you should consider it a starter for your Hermanus experience, an appetite stimulation for more bespoke, original experiences in the future. It is designed to entice your return and leaves you with not only sense-memories but experiences that are likely to coax you back. But there is a bigger, more vital picture.

"Part of the inspiration for this journey is the UNESCO Creative Cities listing for Gastronomy in the Overstrand/Overberg that we were granted as a region in 2019," says Carolyn. "What better way to celebrate our pristine environment and quality produce than a tour that makes these important connections?"




# Agri-CULTURE

In an exciting and ground-breaking collaboration between Creation Wines, the Cape Town Philharmonic Orchestra, Cape Ballet Africa, a top fashion designer and a classical music composer, a new short film celebrates the profound connection between nature, the land, wine and the arts in a pioneering "Agri-CULTURE" project.



Spearheaded by Creation's co-owner and artistic director, Carolyn Martin, the concept was originally inspired by the bold vision of French fashion designer Simon Porte Jacquemus. In 2020, he launched his Le Coup de Soleil (The Sunburn) collection in the exquisite lavender fields of Grasse, known as the world's perfume capital, where models walked along a 500m pink catwalk that paid homage to artists Christo and Jeanne-Claude, Paul Cézanne and Jean Lurçat, and in particular David Hockey's Royal Academy installation, *The Arrival of Spring in Woldgate, East Yorkshire* in 2011.

The South African project takes the concept further and is designed to highlight the arts of winemaking and food pairing with ballet, choreography, music, cinematography, high fashion and craftsmanship, using talented local artists across all disciplines.

"In *Agri-CULTURE*, the patient nurturing of vines mirrors the development of artistic expression," says Carolyn. "Our vineyard team carefully tends each vine, observing its growth, responding to its needs, and guiding its expression while respecting its inherent character. This is a mirror image of how artists cultivate their craft through dedicated practice, innovation, attentive care, and respect for tradition.

"*Agri-CULTURE* puts the focus on the shared essence of cultivation: the human impulse to collaborate with nature in creating something transcendent," says Carolyn. "At Creation, we've always understood that winemaking exists at this profound intersection, where the cultivation of land meets the cultivation of human expression."

Shot on location at Creation over 24 hours, using natural dawn and dusk light and an on-location studio, visuals were choreographed and captured using a high-speed Freefly Ember camera.
The effect is dramatic.

Ballet artistes seem suspended in time and space, with the vineyards representing the abundance of nature in colour, form and line.

There is a reference to the flow of wine connected to life-giving water, the spontaneous inclusion of indigenous flora and fauna found on the estate, and glass art by local company Red Hot Glass. Images representing youth and maturity highlight the journey of the vine to wine. Kat van Duinen's luxury fashion featuring ostrich feathers, toile and silk introduces a sophisticated, other-worldly dimension to the visual composition. And the film is set to original music by Cape Town composer Peter Johnson.


Entirely produced in the Western Cape with local talent and resources, this project stands as a testament to the region's creative excellence and collaborative spirit.





# BOEKEKUIERS

Wat is 'n fees sonder boekbesprekings? Dié gesprekke met van ons gewildste Afrikaanse skrywers en kenners beloof om menige boekwurm se belangstelling te prikkel.










## Wat koop ek vir my kind om te lees?

Hoe kry ek die kleinspan aan die lees? Kom luister na die raad van drie van ons land se voorste kinder- en jeugboekskrywers wat meer oor hul nuutste boeke vertel, maar ook oor wat húlle dink die kinders van vandag se leesspiere kielie. Die kinderboekkenner en oudbibliotekaresse Magdel Vorster tree in gesprek met drie Overstrandse skrywers: Wendy Maartens, Philip de Vos en De Wet Hugo.

**1 Augustus | 10:00**
**Banketsaal**

## 'n Misdaad op elke boekrak

Dit maak nie saak of dit fiksie of 'n ware lewensdrama is nie, want wanneer daar 'n misdaad gepleeg word, staan lesers reg om die boek te koop. Hoekom is misdaadfiksie so gewild? Jonathan Amid vra reguit vrae aan: Bettina Wyngaard (oor haar nuutste Nicci de Wee-roman, *Knal*); die joernalis Julian Jansen (oor die storie agter die moord op die skoolmeisie Deveney Nel); DeWet Bisschoff oor sy debuut, *Die Kubermoorde*, en P.P. Fourie oor sy nuwe krimi, *Die dood van Rachel April*.

**2 Augustus | 10:00**
**Banketsaal**

## Verslaaf

Milton Schorr was skaars 17 jaar oud toe hy vir die eerste keer heroïen ingespuit het, maar dit was helaas nie sy eerste kennismaking met dwelms nie. Sigarette, alkohol, dagga, mandrax, LSD, ecstasy en crack was als op die spyskaart, met winkeldiefstal en pornografie wat ook 'n rol in sy deurmekaar jong lewe gespeel het. Nou is hy reeds twee dekades nugter, en in *Addict* vertel hy oor sy reis na die randjie van die dood en weer terug na die lewe. Juliana Coetzer is die gespreksleier.

**3 Augustus | 10:00**
**Banketsaal**

## Binnerym van bloed

Een van ons grootste literêre ikone, Antjie Krog, skryf in *Die binnerym van bloed* oor die komplekse verhouding tussen haar en haar skrywersma, Dot Serfontein. Dis haar persoonlikste boek nóg, en ondersoek onder meer die kreatiewe invloed, ideologiese verskille en die realiteite van oudword. Ander kwessies soos ras en grondbesit kom ook onder die vergrootglas. Susan Booyens gesels met Antjie oor dié genre-oorskrydende boek.

**5 Augustus | 18:00**
**Banketsaal**

## Marinda Engelbrecht kook 'n storm los


Marinda Engelbrecht gaan gaste bederf met 'n paar disse uit haar nuutste boek, *Maklik met Marinda*. Hierdie heerlike boek bevat nostalgiese huiskos, sonder fieterjasies of vreemde bestanddele. Alles kan in 'n japtrap berei word – en sy gaan ons wys presies hoe! Nadine Petrick sal met haar gesels, so tussen die eenvrou-kosmaak-vertoning deur. Middagete is ingesluit.


**6 Augustus | 12:00 – 14:30**
**Gholfklub**

***Al die Kalfiefees-boekgesprekke vind óf in die Banketsaal óf by die Gholfklub plaas.***














## Breyten word onthou

Een van ons land se grootste geeste het op 24 November 2024 gesterf. Breyten Breytenbach – digter, aktivis, dramaturg, kunstenaar – se nalatenskap is op vele vlakke ongeëwenaard en die kultuurlandskap is vir altyd armer sonder hom. Verskeie digters – onder wie Daniel Hugo, Tom Dreyer, Riku Lätti, Churchil Naudé en Maletta Fourie – kom byeen tydens 'n spesiale huldiging om dié besonderse Suid-Afrikaner se talent en menswees te eer. Sop en sjerrie word bedien.

**6 Augustus | 18:00**
**Banketsaal**

## Business Brunch:
### Our Long Walk to Economic Freedom

Johan Fourie explores the economic landscape stretching from the migration out of Africa 100 000 years ago until today. *Our Long Walk to Economic Freedom* is a fascinating journey through history that shows us how prosperity is created and developed. Why does one group flourish, while another continues to struggle? Why are we richer than our ancestors? Eon de Vos chats with Johan and also asks questions to other members of the panel.

**7 Augustus | 9:00**
**Gholfklub**

## Liefde is . . .

Elsa Winckler, Malene Breytenbach, Ilse Beukes en Alicia Hanekom is kenners van die liefde – veral die romantiese soort! Om 'n liefdesverhaal, vernaam 'n Romanza te skryf, lyk dalk heel maklik en resepmatig, maar ons weet dit is nie. Ons vra hierdie vier kenners of liefde wérklik so eenvoudig is soos wat dit in hul boeke lyk. Kom luister gerus saam – jy word dalk net die gelukkige wenner van 'n geskenkpak.

**9 Augustus | 14:00**
**Banketsaal**

## Tannie Maria kom maak 'n draai

Almal se gunsteling-troostannie en leunstoelspeurder kom kuier in die Overstrand. Sally Andrew, skrywer van die gewilde Tannie Maria-reeks en nou ook van die wonderlike resepteboek *Recipes to Live For: A Tannie Maria Cookbook*, gesels met Susan Booyens oor die gewildheid van haar reeks én haar voorliefde vir lekker kos. Kom eet 'n stukkie melktert saam!

**9 Augustus | 10:00**
**Banketsaal**

## Dana en Bun gesels

Dana Snyman se *Seun* en Bun Booyens se *Troep* vertel verskillende stories van dieselfde tydperk in ons land se geskiedenis. Dana brei in *Seun* uit oor dinge waaroor hy nie graag voorheen geskryf het nie, en in *Troep* gee Bun 'n stem aan honderde soldate wat in die Grensoorlog eintlik nog bloot kinders was. Barend la Grange vra die vrae. Kom proe ook 'n bietjie bier saam met Honingklip!

**9 Augustus | 10:00**
**Banketsaal**

***Kry jou kaartjies by tixsa.co.za***

# KLEINMOND & HERMANUS

## Retirement

**FYNBOS SERVICE CENTRE FOR THE ELDERLY & DISABLED**

We run programmes and services in Kleinmond geared toward supporting people in their later years. We work on a cross-subsidy model which means our tariffs are on a sliding scale determined by income. A Sassa pensioner can have a balanced meal every day for R594 per month. We continually raise funds in order to add more services, such as nursing, bathing services, social workers, support groups, health and fitness. If you would like to assist us by becoming a donor or a volunteer please contact us.
**Email Patricia at fynbospark1@gmail.com or visit our website and click the "donate now" button.**



## Accommodation

**WHOLENESS ACCOMMODATION**


Wholeness Accommodation offers three luxury self-catering suites with a contemporary African-infused aesthetic. Its ideal location near the famous cliff paths means you can enjoy awe-inspiring whale watching from the shore while also staying close to the action of the vibrant Kalfiefees. Wholeness Haven hosts a range of wellness workshops, talks, and experiences during the festival, giving guests easy access to an engaging on-site agenda. Whether you're here for art, theatre, comedy, or food, enhance your stay with holistic treatments that offer the perfect balance of mental stimulation and physical well-being.
**Go to wholenessaccommodation.co.za or contact Tammy on 082 306 0334.**





**EASTBURY COTTAGE SELF-CATERING AND THE MAYFLOWER ACCOMMODATION**

These two very popular, centrally situated accommodation establishments are walking distance to Hermanus' town centre, seafront and restaurants. Eastbury Cottage is also family- and pet-friendly.
**Contact:**
**Eastbury Cottage**
**eastburycottage.co.za | 082 658 4945 | eastbury@hermanus.co.za.**
**The Mayflower**
**mayflower-hermanus.co.za | 079 929 9999 | mayflowerbookings@gmail.com**





## Louisa Kruger Art

Louisa, who was born and raised in the Overberg, may not have formal training, but has embraced her creativity as a contemporary expressionist, which has led to almost immediate critical acclaim.

Free of rigid conformity or criticism, her quiet confidence when faced with a blank canvas fills her with excitement at what will be revealed with the boldness of her artistic form of expression. All is amplified and reflected in her rich use of colour and texture.

Each piece is arrestingly vibrant, versatile, and free to be appreciated, interpreted, and relished as the viewer wishes, whether it is hung in South Africa or abroad.

**louisakrugerart.com**



# Restaurants and Wineries

## Restaurants & Wineries

### Heritage Restaurant



Whether its breakfast, brunch lunch or dinner you're after, the understated elegance of the cottage is reflected in the menu of carefully selected favourites catering for all tastes. Our food philosophy is to use seasonal fresh ingredients prepared with our Heritage twist to ensure you have a memorable meal. Our wine list consists of wines from the Walker Bay enabling you to select your favourite varietal to enjoy with your meal.

We are at **21 Marine Drive**
Open **Tuesday to Saturday 07:30 – 21:00 and Sunday 07:30 – 15:00**
For **reservations call 028 314 0860 or email reservations@heritagerestaurant.co.za**


### Elgin Vintners



Elgin Vintners, a boutique wine estate in South Africa's cool-climate Elgin Valley, is renowned for its elegant, terroir-driven wines. Established in 2004 and now owned by Dr Max Hahn and James Rawbone-Viljoen, the vineyards thrive in nutrient-rich soils alongside the Palmiet River, producing exceptional **chardonnay, sauvignon blanc, pinot noir, and syrah**. The estate also features the 4-star Elgin Vintners Country House, a restored 1927 retreat offering luxurious accommodation. Guests can enjoy wine tastings with wood-fired pizza, cheese platters, and light meals. Whether for a tasting or a stay, Elgin Vintners promises a refined and relaxing experience.

OPEN Mondays to Sundays: **10:00 to 16:00. Visit www.elginvintners.co.za for more information.**

### Stofpad Farm Deli




This charming deli stocks a range of meats and biltong, pasture-raised chicken, authentic breads and deli products (including various gluten-free options), cakes and bakes, A2 dairy and cultured products, and all sorts of handmade and homemade products. You can even fill up on purified water from their in-store filling station.

**Find them at 15B Van Blommestein Street, Onrus River, 7201**
**Tel: 082 456 9001**
**Email: deli@stof.co.za**
**Trading hours:**
**Weekdays 09:00 – 17:30, Saturdays 09:00 – 14:00 and Sundays 09:00 – 13:00**

## Fundraisers

### ONLY SPECIALS



The Sluyter Foundation's partnership with Camphill demonstrates their dedication to inclusivity and creating opportunities for those with intellectual challenges.

They focus on training and employment opportunities for people with intellectual challenges. Both organizations understand the employment difficulties these individuals face and are committed to providing necessary skills and support. By enjoying their food and drinks, you're supporting a wonderful cause while savouring meals prepared with care and dedication. **Visit them Monday to Friday from 09:00 to 15:00.**


### OOM SAKKIE HOME BAKES STORE




This home industry had a humble beginning. It was started to raise funds for an affordable old-age home in Kleinmond. They say most of these charitable homes were built on pancake sales and this is exactly what this group of bakers is doing.The business has evolved to also provide an income source for pensioners. It is a lovely place to meet over a pot of tea and slice of cake.

**Open Friday and Saturday 9:00-13:00.**
**Buy their lovely baked goods at the corner of 2nd Street and 3rd Avenue in Kleinmond.**

### OOM PETRUS CHARITY SHOP




We cared for Oom Petrus for many years and he left us his household goods. A group of people pledged the start-up costs and we secured a shop to rent in town. On 1 November 2024 we opened our doors and have not regretted doing so. Through this shop and it's volunteers we are reaching even further into the community. This store helps Fynbos Service Centre with their social services/welfare arm. We are continually amazed at the generosity of the Kleinmond Community.

**The store is located at the BJ Pieterse Centre: 65 Main Road, Kleinmond**

# Kalfie Kos Kuier

KALFIEFEES
HERMANUS KUNSTEFEES

Heerlike feeskos wegneem snoepgoed Kom proe, peusel, smul en koop!

(Gereël deur Son en See Feesmark)













**Kom kuier saam by die heel eerste KalfieKosKuier in die Grobbelaarsaal, Marine-rylaan, Hermanus. Ons bied 'n verskeidenheid huisbederfies aan, soos beskuit, koekies, olywe, neute, marmelade, gin en likeurs.**

Daar sal ook heerlike wegneemetes beskikbaar wees, insluitend pannekoek, jaffels, wafels, hamburgers, perlemoen-samoosas, rotis, kerrievis, kerrie-en-rys, koffie, koeldrank en wynproe.

Besoek ons gerus tussen vertonings. Toegang is gratis, rolstoelvriendelik, en kaartgeriewe is beskikbaar.

Vir meer inligting,
skakel Mariet Basson
of stuur 'n e-pos na
sonensee@ngkerkhermanus.co.za

**10:00-18:00 daagliks**

**GROBBELAARSAAL**
**Marinerylaan**
**Hermanus**





**2-10 AUGUSTUS 2025**













# TEATERPROGRAM

As jou lagspiere nie geprikkel word nie, sal jy tot dieper denke gelei word, maar voel sal jy iets voel. Geen besoeker sal onaangeraak by een van die produksies op die Kalfiefees se komedie-, satire- of dramaprogram uitstap nie.




## Evita

**Met Pieter-Dirk Uys**


Tannie Evita is net weke weg van 90. Nogsteeds die bekendste wit vrou in Suid-Afrika, glo sy nog vas dat ons moet onthou van waar ons kom, sodat ons die toekoms kan omhels en beter maak.

As ANC-lid besef sy hoe belangrik haar Luthuli-huis-kombuis is: die pad na 'n politikus se hart gaan nie deur sy brein nie, maar deur sy maag!

Sy balanseer haar koeksisters en bobotie met herinnerings van Mandela, Mbeki, Zuma en Cyril. Fidel Castro en die Koningin van Engeland maak ook 'n draai.

Tannie se fokus is optimisme en landsliefde. Sy gebruik twee van ons 12 amptelike tale.

1 Augustus | 19:00
NG Kerk Hermanus
R250




## Kry vir jou 'n tux Thomas

**Met Marion Holm en Dean Smith**

Tessa Slabbert is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Sy wéét vanaand se funksie, en die belaglike "Toekenning vir Lewenslange Bydrae" wat sy kry, is haar smokgevreet van 'n eksman se manier om subtiel te sê haar tyd is verby. Sý is Le Poulpe (Die Seekat) Cosmetics!

Tessa gaan nie opdaag nie. Dit sal hom en sy kredietkaartkoket leer om nie met Tessa te mors nie. Stotterende Thomas het sy hande vol om Tessa te oortuig om tog maar te gaan – asof dit die belangrikste taak van sy lewe is! Wanneer sy uiteindelik, op een voorwaarde, instem, kan hy nie anders as om te doen wat sy vra nie. Daar is baie op die spel.

'n Stuk oor seekatte, wat ons doen om *okay* te wees en wat dit alles met Noddie te doen het. Daar is baie om oor te lag, maar, vir balans, nes dit maar altyd in die lewe is, is daar ook heelwat om oor te huil.

Maak vas jou sitplekgordel: Tessa en Thomas het dinge om te sê. Hierdie produksie is lig en snaaks; mooi en hartseer.

**2 Augustus | 12:00**
**Hawston Sekondêr**
**Vanaf R150**



## Forte

**Met Rika Sennett en Jacques Adriaanse**


Emma Barker, 'n wêreldbekende tjellis, sit al bykans 'n jaar in 'n donker kamer en staar na haar gewese man se tjello. Sy kan haarself net nie so ver kry om weer musiek te maak nie. Hoewel haar man siek was, is sy oortuig dat die siekte nie die oorsaak van sy dood was nie. Iemand lieg vir haar.

Dan stap 'n jong musiekstudent een oggend ongenooid in haar huis in. Sy ken hom van geen kant af nie, maar tog weet hy alles van haar af. Hoekom laat hy haar so baie aan haar oorlede man dink? Watter diep geheim bewaar hy?

Veteraanaktrise Rika Sennett maak haar terugkeer na die verhoog in hierdie kragtoer-produksie saam met die talentvolle Jacques Adriaanse.

Albei akteurs is ook onlangs benoem by die Momentum Beleggings Aardklop Kunstefees vir beste aktrise en ondersteunende akteur.

**2 Augustus | 14:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**




## Marion Monroe

**Met Marion Holm**

Shakespeare het geskryf: "What's in a name? That which we call a rose by any other name would smell just as sweet."

Is Marion Holm steeds Marion Holm, al noem mense haar Nicole Holm? Bly Marion 'n vrou al noem mense haar meneer? As Marion ophou om 'n aktrise te wees en soms van die verhoog af 'n ander karakter vertolk – is sy dan net 'n leuenaar?

Dié alombekende komediant en aktrise het in 2024 haar terugkeer in die derde seisoen van die kykNet-trefferreeks *Nêrens, Noordkaap* gemaak. Dit was juis tydens die verfilming van dié reeks wat die inspirasie vir haar nuutste eenvrouverton-ing aan haar deur kom klop het.

"My karakter is redelik vaal. Ek het nie wonderlik gelyk nie. Een van die mans in die tegniese span het my Marion Monroe begin noem. Dit was eintlik so gepas, al was dit tong in die kies gesê," vertel Marion.

Haar produksie gaan juis oor 'n naam, joú naam! Maak jou naam jou wie jy is? Die vertoning bevat allerlei stories oor die dinge wat jou maak wie jy is as mens.

**2 Augustus | 19:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**



## I Can Buy Myself Flowers

**With Erika Breytenbach**

Erika Breytenbach, nominated for her performances in two productions that premiered at the Drama Factory (*The Unlikely Secret Agent* and *Die Goeie Pa*), will perform the premiere of *I Can Buy Myself Flowers* by multiple award-winning writer Mike van Graan.

Taking its name from Miley Cyrus' song that became an anthem for single women the world over, *I Can Buy Myself Flowers* is a one-person comedy drama featuring Natalie Jackson, an estate agent in her 50s, who entertains as she reflects on the ups and downs of relationships, children, professional life and her women friendships.

Old enough to be on their second or third marriages, young enough not to be blamed for apartheid and women enough for menopause, Natalie and her five friends adopt Six-in-the-City as the name for their WhatsApp group.

**4 Augustus | 18:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**



## Kameras, konserte & kleedkamerstories

**Met Lizz Meiring**


Die vertoning is 'n klets-en-skets-konsert en Lizz Meiring vertel van die woelinge en waansin, die tragedies en triomfe, die chaos en kreatiwiteit, die beroemdes en berugtes, die vreugdes en vertwyfelings van 'n lewe as aktrise.

Sy onthul die ver paaie se reis – plaaslik en internasionaal – die vreemde kleedkamers, verhoë, film- en TV-stelle, die soms vreemde gedrag van gehore, luisteraars, kykers en die bewonderaars.

In hierdie uiters vermaaklike stuk, vol verrassings oor die vermaaklikheidsbedryf, kry die gehoor 'n agter-die-skerms ervaring soos nog nooit vantevore.

'n Stroom karakters uit haar skeppende skatkis maak hul opwagting – dis vars, dis slim, snaaks en soms meer ernstig. Dis warmhartig, deernisvol en uiteindelik die storie van oorlewing en belewing – die verhaal van die aanslae, gelukskote, opslae en wenslae van die lewe waarmee elkeen kan indentifiseer.

**7 Augustus | 14:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R200**



## Hortjies dig
### – die storie van digter Peter Blum

**Met Chris van Niekerk en Joanie Combrink**

In die vyftigs word Peter Blum geloof as die belangrikste digterstem van die dekade, maar sommige vind sy werk "dekadent" en praat van 'n "maaierkultus" in die verskuns.


In 1960 verruil hy en sy vrou, Hetta, Suid-Afrika vir Engeland. "Uit walging," skryf hy.

Hy keer sy rug op die skryfkuns, besoekers is weinig en Hetta se geestestoestand raak wankelrig.

J.C. Kannemeyer skryf: "Enige mens sal na 'n lewe lank saam met Blum mal geword het."

Met brontekste wat briewe en verse van Peter en Hetta insluit, trap ons in die spore van 'n sonderlinge figuur van ons letterkunde ter viering van Peter Blum se 100ste geboorteherdenking.

**7 Augustus | 18:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R230**



## Hans bars die bioborrel

**With Tiaan Slabbert**

Eers was daar *Hans steek die Rubicon oor,* toe *Hans gee vir Herklaas horings* en nou is daar *Hans bars die bioborrel*!

Wim Vorster het Rudie van Rensburg se boek verwerk vir die verhoogstuk onder regie van Émil Haarhoff en Barend Mynhardt en met Tiaan Slabbert in die rolverdeling.

Huis Madeliefie word deur die staat se vlak 5-inperking in die gesig gestaar. Hans besef teen dié virus groei geen kruid nie, maar die drakoniese reëls van die tehuis se interne bevelsraad kry nie vatplek by Hans en kie nie.

Voorts is Hans oor die hoof gesien as leier van dié raad. Altoon Ahlers, befaamde akteur van weleer, neem die leisels. Hans se plan om die inwoners met die verbode vrug se sap aan sy kant te kry, boemerang sleg.

Hans besef hy sal Ahlers op 'n ander manier moet onttroon . . .

**8 Augustus | 10:00**
**NG Kerk Hermanus**
**R180**




## Vrou met 27 kinders

**Met Petru Wessels**

Hoe ver strek 'n ma se liefde – selfs as haar kinders van hout gemaak is?

Gebaseer op 'n ware verhaal, bring Petru Wessels lewe aan hierdie roerende eenvroustuk deur Ludmilla Bollow.

Die stuk vertel die storie van 'n kinderlose egpaar. Die man, 'n beeldhouer, maak elke jaar vir sy vrou 'n baba uit hout. Hy maak uiteindelik vir haar 27 kinders uit hout. Vir haar is hulle nie houtpoppe nie, maar kinders van vlees en bloed.

Ná haar man se dood, gaan sy ander beelde na die museum op die dorp. Die verhaal ontvou verder wanneer die museum se mense die vrou se "kinders" ook van haar wil wegneem.

Universele temas soos kinderloosheid, ouerliefde, liefde tussen man en vrou asook ouderdom en demensie word aangespreek – altyd teen die agterdoek van hoop en lig.

**8 Augustus | 12:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R220**



## Seun

**Met Dana Snyman**

Vir party was die 1980's gewoon 'n dekade soos al die ander – dié van braaivleis, rugby, sonskyn en Chevrolet. Vir hulle was die lewe goed. Vir ander was die 1980's moeilik en gevaarlik. 'n Tyd van ontreddering. En 'n tyd wat vrae gewek het.

Dana Snyman deel in *Seun* 'n deel van sy storie waaroor hy nog nooit gepraat het nie: sy ervaringe in die 1980's. Dis die tyd van PW Botha se vinger, van die Voëlvry-toer, AWB-saamtrekke, onderhandelinge en die laaste dae van diensplig. Dana word oneervol ontslaan uit die weermag ná 'n draai in Saal 24. Werkloos en doelloos eindig hy in 'n gewese bediendekamer in Pretoria.

Dié rou, selfonthullende memoir vra: hoe word 'n seun 'n man? 'n Seun wat nie 'n meisie se aandag kan trek nie? 'n Seun wat nie goed genoeg is vir die weermag nie? Met *Seun* neem Dana lesers in sy vertroue. Dit is 'n aangrypende relaas oor grootword tydens die doodsnikke van 'n politieke stelsel, oor manlikheid en oor eer, en oor die liefde wat uiteindelik alles oorkom.

**9 Augustus | 12:00**
**Munisipale Ouditorium**
**R250**




## Bacchus tot Bekker

**Met Amore Bekker**

Is dit moontlik om iemand te vertrou wat nie wyn drink nie? Miskien . . . Hoekom sal jy nooit weer 'n glas rooiwyn met 'n muggie in drink nie?

In hierdie eenvrouvertoning van Amore Bekker en viering van die druppels van die druif ontmoet jy Bacchus wat hierdie nektar mildelik met ons deel.

Van papsak tot pinotage, chardonnay tot chenin blanc – kom lag, pik 'n traan en drink 'n glasie wyn. Tjorts!

Jy het haar gehoor, nou kan jy haar sien, Amore sonder grense.

**9 Augustus | 14:00**
**Sandbaaisaal**
**Vanaf R150**



## Afrikaans 100

**Met Lizz Meiring**

Lizz Meiring bied dié nuwe solo-produksie wat vanjaar die 100-jarige bestaan van Afrikaans as amptelike taal vier. Sy het die oorspronklike idee gehad en al vir maande lank is sy besig met die navorsing en samestelling van die vertoning – alles om 'n lekker, lagwekkende en soms verrassende kykervaring te skep!

In hierdie produksie neem Lizz jou op 'n reis deur elke dekade sedert Afrikaans in 1925 amptelik as 'n landstaal erken is.

Wat kan jy verwag? Sketse, stories, gedigte, verse, monoloë, nuusberigte, en selfs ou advertensies – wat baie interessant is, want die eerste Afrikaanse advertensies was vir medisyne, salwe, pille, strope en poeiers! (Wie sou dit nou nie wil weet nie?)

**10 Augustus | 14:00**
**Sandbaaisaal**
**Vanaf R150**



# Afrika-pikkewyn huiwer op die rand van UITWISSING



Foto's, vertellings en die kunste gaan dalk binnekort al wees wat ons gaan oorhê om die Afrika-pikkewyn mee te onthou. Die swart-en-wit lyne van hierdie geliefde seevoël is besig om uit die landskap te verdwyn. In Oktober 2024 is die bewaringstatus van die Afrika-pikkewyn op die Internasionale Unie vir die Bewaring van die Natuur se rooi lys afwaarts aangepas na "kritiek bedreig". Dit beteken die Afrika-pikkewyn-bevolking kan teen 2035 vir alle praktiese doeleindes reeds uitgesterf wees omdat die bevolking dan te klein sal wees om hul getalle te handhaaf.

Die Afrika-pikkewyn (*Spheniscus demersus*) is die enigste pikkewyn wat op die Afrika-vasteland broei. Die spesie is 'n waardevolle deel van Suid-Afrika se natuurlike erfenis en een van die toeganklikste pikkewynspesies ter wêreld. Die pikkewynkolonies by Boulders Beach en Bettysbaai is belangrike trekpleisters vir ekotoerisme. Hoewel hierdie kolonies 'n skynbaar rooskleurige prentjie voorhou omdat die pikkewyne in 'n klein gebied byeen is, is die nare waarheid dat daar vandag minder as 9 000 broeipare oor is, in skrille kontras met die meer as miljoen pikkewyne wat aan die begin van die 20ste eeu die kuslyn bewoon het.

Die Kalfiefees fokus nie spesifiek op die Afrika-pikkewyn nie, maar walvisse en pikkewyne is albei ikoniese spesies van die Wes-Kaapse kuslyn. In Augustus, wanneer die Kalfiefees-gangers in Hermanus aankom, is pikkewynpare hard aan die werk om hul kuikens groot te maak. Hulle swem ongelooflike afstande om genoeg sardyn en ansjovis vir die honger kuikens te jag. Die Afrika-pikkewyne is vasbyters en rateltaai, anders sou hulle al lankal uitgesterf het.

A.E. Carinus se kindergediggie oor die Afrika-pikkewyn vra: "Sê my, is jy voël of vis, met vlerke wat soos vinne is?" Dis in die water waar dié voëls werklik "vlieg" en soos torpedo's deur die water jaag. Hul swart-en-wit verekleed dien as kamoeflering in die see – die swart is moeilik om van bo af waar te neem, en van onder die water lyk die wit soos die weerkaatsing van die son.

Feesgangers kan gerus die Afrika-pikkewyn-en-seëvoel-sentrum (APSS) in Gansbaai besoek. Dié projek van die Dyereiland-bewaringstrust funksioneer as 'n pikkewynhospitaal vir die pikkewynkolonie op Dyereiland. Besoekers kan die pikkewynpasiënte deur eenrigtingglas dophou. Die personeel deel graag inligting oor die rehabilitasie van die pikkewyne en hul leefwyse op Dyereiland. Rehabilitasie is belangrik, maar slegs 'n pleister op 'n bloeiende slagaar – voorsorg is altyd beter as nasorg.

Die Dyereiland-bewaringstrust werk om die pikkewynbevolking deur verskeie projekte te beskerm:
• die installering van kunsmatige pikkewynneste wat broeisukses op Dyereiland aansienlik verbeter deur veilige broeiplekke te verskaf;
• die ontplooiing van 'n spesialisseevoëlwagter om pikkewyne te monitor, bedreigings te identifiseer, en die insameling van data te verbeter;
• hulp met roofdierbestuursplanne wat fokus op swartrugmeeue en Kaapse pelsrobbe wat aangeleerde gedrag in hul jag van pikkewyne toon.

Die Afrika-pikkewyn is nie net 'n bedreigde spesie nie, dit is ook 'n simbool van die brose balans tussen mens en natuur en veral ons verantwoordelikheid teenoor die omgewing.

In die kunste verskyn die pikkewyn as 'n metafoor vir veerkragtigheid en die stryd om oorlewing in 'n veranderende wêreld. Plaaslike en internasionale kunstenaars het al die pikkewyn as inspirasie gebruik. Die Jamaikaanse skilder dr. Guy Harvey (guyharvey.com) word beskou as een van die wêreld se voorste seelewekunstenaars. Sy waterverfskildery oor die Afrika-pikkewyn beeld 'n groep van 11 pikkewyne in verskillende stadiums van volwassenheid uit, op land en in die see, waar hulle deur die water klief.

Daar is ook die SA kunstenaar Marc Alexander (marcalexanderart.com), wie se skildery van Afrika-pikkewyne deel van sy reeks *The Balance* is. Dié olie- en silwerblad-skildery weerspieël sy fyn waarneming en waardering vir die natuur.

"Ek woon naby 'n beskermde kolonie en het daarom die voorreg gehad om hierdie pikkewyne van naby waar te neem," skryf Alexander oor sy skildery.

By die APSS kan besoekers ook Lachlan Matthews se beeldhouwerk *Cry of the African Penguin* bewonder, asook sy innoverende pleister- en glaswerk wat die sentrum versier. Piet Pretorius se werk, 'n 3m-hoë model van 'n Afrika-pikkewyn op die dak van die sentrum, versterk die tema van die pikkewyn se benarde situasie verder.

Die APSS in Gansbaai is daagliks tussen 09:00 en 16:00 oop. Besoek hulle gerus en maak 'n bydrae tot die heropbou van die pikkewynbevolking.

**MARINE DYNAMICS**

www.marinedynamics.co.za



# 'n See van ERVARINGS


Geniet ons wêreldklas, bekroonde Haaihok-duik of Marine Big 5/Walviskyk-toere en skep onvergeetlike herinneringe vir die hele gesin! Beleef die ryk Dyer-eiland-ekosisteem naby Gansbaai terwyl jy belangrike mariene navorsings- en bewaringsprojekte ondersteun. Kies ons eksklusiewe toere en maak gebruik van spesiale tariewe vir Suid-Afrikaners. Besoek die African Penguin & Seabird Sanctuary en die Great White House Restaurant vir heerlike etes.

**Jou keuse maak 'n verskil.**

**BESPREEK AANLYN:**

**MARINE BIG 5/ WALVIS TOERE** | **HAAIHOK-DUIK**







**Shark & Whale Tours** | Conservation Trust | **Penguin & Seabird Sanctuary** | Academy

ROMANTIQUES
MEMORABILIA & ANTIQUES COLLECTIBLES

# PRICELESS NOSTALGIA

**Romantiques is more than a movie venue. Here, you can step back in time and shop to your heart's delight.**












**Step inside for a trip down memory lane. There will be many things you recognise, and others you won't. With 15 rooms of collectables, it is a veritable mini museum.**

**After starting in 2006, it outgrew its original premises and moved to 14 Aberdeen Street, itself one of Hermanus's historic locations. With multiple interleading rooms, visitors can wander at leisure, immersing themselves in the nostalgia of a bygone era.**

Website

360 Tour

Scan the QR codes to visit the website (top) or take a 360'tour (bottom)

## MEMORABILIA INCLUDE:

**Militaria, Vintage clothing and accessories, kitchenware, automobilia, retro, photographic, toys and trains, silverware, railway and shipping, crockery, stationary, medical, taxidermy, shells and fishing, bottles, tobacciana, music, watches and clocks, brass and copper, chrystal, signs and outdoor**



Foto: Gys Loubser

# Liewe Heksie en die wals

**Met Margit Meyer-Rödenbeck en Deon van Zyl**

Haai oe julle stoute kabouters, wat gebeur as Liewe Heksie deelneem aan Blommeland se eie *Strictly Come Dancing*? Weet sy dan ooit wat 'n wals is? En wat gebeur as Levinia die belangrike taak kry om die Silwerroos op te pas? Die Geelheks wil so graag haar kloutjies daarop kry, sodat al die blomme in Blommeland kan doodgaan. Maar Liewe Heksie sê sy beskerm die Silwerpapawer met haar lewe.


Wanneer Margit Meyer-Rödenbeck (Levinia, teks en regie) en Deon van Zyl (Karel Kat, Geelheks, Koning Rosekrans) Verna Vels se stories vir die verhoog verlewendig, spring hulle met mag en mening in en so ook die gehoor, want daar is hope gehoordeelname.

Hierdie duo, wat nuwe lewe blaas in Verna Vels se verhale, is al talle kere genomineer vir beste kinderteater (met kykNET Fiësta- en Fleur du Cap-toekennings) en het twee keer die KKNK Kanna-toekenning in hierdie genre ontvang.

Aktrise Jana Cilliers het by Aardklop een van hulle vertonings bygewoon en sê: "As grootouer met jou kleinkind aan jou sy, bly dit met Margit aan die stuur 'n verwondering om te sien hoe sy, of dan te wel Liewe Heksie, dit so mateloos regkry om net die beste uit daai seuntjie of dogtertjie te laat gebeur as hulle die verhoog betree! Kosteloos. *Audience perfection* is haar voorland. En groot dankie ook aan Verna Vels."

"Senuwees en skater. Impromptu teater op sy beste. Kinderteater het duidelik 'n doel: nie net om iets aan kleingoed te bied nie, maar ook om verstokte siele weer in sprokies en spel te laat glo." - Mariana Malan in *Die Burger*.

**2 Augustus | 10:00**
**Hawston Primêr**
**Vanaf R100 - R150**


Hemel en Aarde Valley
Folk & Goode
Brewing Company
F & G
Locally Made.
Ice Cold Folk & Goode Draught beer.
On Tap. Available at the finest outlets.




# Klein begin, groot gewin

**Die bekende wynmaker Bartho Eksteen is 'n gebore plaasjapie en 'n man wat nog altyd na aan die grond geleef het. Sy aardse, innemende persoonlikheid word eweneens weerspieël in sy lewens- en wynmaakfilosofie, skryf Hedda Mittner.**

Sy veelbekroonde landgoedwyne se eiesoortige en trots Afrikaanse name soos Blom, Meester, Fluister, Dom en Soetmuis verklap sy liefde vir sy moedertaal en sy erfenis. Dit is dus geen wonder nie dat sy onderneming in 2023 bekroon is met 'n ere-Tinteltong vir die innoverende wyse waarop Afrikaans in sy handelsmerk vervleg word. Net soos wat nie almal "daai fênsy Franse wynname" kan uitspreek nie, verskaf die manier waarop buitelanders soms Afrikaanse woorde uitspreek groot genot. Bartho lag lekker as hy vertel van die "Pommies" wat gepraat het van "Bite me for watching" (Buitenverwachting) en "olly folly" (olyfolie), maar meen sy wynname kan darem heel maklik uitgespreek word, al is dit soms 'n bietjie krom en skeef.

Op die Bartho Eksteen-wynlandgoed net buite Hermanus, in die Hemel-en-Aarde-vallei, leef hierdie veteraan-wynmaker – hy's reeds 30 jaar in die bedryf – sy droom uit met sy familie aan sy sy. Almal is betrokke, van "Mamma" (sy vrou, Suné), bobaas-kok en wynkenner in eie reg, tot hul seun, Pieter Willem, wat saam met Pa wyn maak, en dié se vrou, Sol. Laasgenoemde, vir wie Pieter Willem in Argentinië "gaan haal het", is 'n wynmaker in eie reg. Dan is daar ook hul dogter, Shani, skoonseun Arno, twee kleinkinders (met nog twee op pad) en talle honde. Die gemoedelike en gasvrye atmosfeer op die plaas laat besoekers dadelik tuis voel. Hier draai alles om wyn, kos, familie en kuier. 'n Wynproe met Bartho is 'n unieke belewenis – hy is 'n man wat baie stories met kleur en geur kan vertel oor sy wyne en al sy wedervaringe in die SA wynbedryf.

Bartho, 'n boorling van Franschhoek in die Bolandse Wynlande, het grootgeword op die familieplaas, La Bri, waar sy pa met druiwe en vrugte geboer het. Sy hoërskooljare het hy deurgebring as koshuiskind aan die Hoër Landbouskool Boland. Ná matriek is hy na Elsenburg, waar destyds slegs 10 wynmakers per jaar opgelei is, om wingerdbou, pomologie en keldertegnologie te studeer. Nadat hy sy studies voltooi het, het hy sy eerste aanstelling gekry as assistent-wynmaker by Rooiberg naby Robertson. Dit was daardie jare een van die voorste wynkelders in die land.

Sy drie jaar by Rooiberg was 'n gelukkige tyd, vertel Bartho. Dit is dan ook toe hy op Robertson gewoon het dat Bartho sy toekomstige vrou, Suné, ontmoet het. Hy is baie lief daarvoor om die storie te vertel van hoe hy Suné, destyds die staatsaanklaer vir Ashton en Montagu, ontmoet het nadat hy in 'n spoedlokval gevang is. Hy moes gaan pleit vir afslag by "djou honour" – blykbaar met sukses, want die twee is in 1990 getroud.

